



Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 707

Cape Town
Kaapstad

16 May 2024

No. 50664

THE PRESIDENCY

No. 4826 **16 May 2024**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 20 of 2023: National Health Insurance, Act 2023

DIE PRESIDENSIE

No. 4826 **16 Mei 2024**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No. 20 van 2023: Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023

ISSN 1682-5845



9 771682 584003

5 0 6 6 4



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)
(Assented to on 15 May 2024)*

ACT

To achieve universal access to quality health care services in the Republic in accordance with section 27 of the Constitution; to establish a National Health Insurance Fund and to set out its powers, functions and governance structures; to provide a framework for the strategic purchasing of health care services by the Fund on behalf of users; to create mechanisms for the equitable, effective and efficient utilisation of the resources of the Fund to meet the health needs of the population; to preclude or limit undesirable, unethical and unlawful practices in relation to the Fund and its users; and to provide for matters connected herewith.

PREAMBLE**RECOGNISING—**

- the socio-economic injustices, imbalances and inequities of the past;
- the need to heal the divisions of the past and to establish a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights; and
- the need to improve the quality of life of all citizens and to free the potential of each person;

BEARING IN MIND THAT—

- article 12 of the United Nations Covenant on Economic, Social and Cultural Rights, 1966, provides for the right of everyone to the enjoyment of the highest attainable standard of physical and mental health;
- article 16 of the African Charter on Human and People's Rights, 1981, provides for the right to enjoy the best attainable state of physical and mental health, and requires States Parties to take the necessary measures to protect the health of their people and to ensure that they receive medical attention when they are sick;
- the rights to equality and human dignity are enshrined in the Constitution in sections 9 and 10, respectively;
- the right to bodily and psychological integrity is entrenched in section 12(2) of the Constitution;
- in terms of section 27(1)(a) of the Constitution everyone has the right to have access to health care services, including reproductive health care;

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hakies dui skrapings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 15 Mei 2024)

WET

Ter bereiking van universele toegang tot gehalte gesondheidsorgdienste in die Republiek ooreenkomstig artikel 27 van die Grondwet; om 'n Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds te stig en die bevoegdhede, werksaamhede en beheerstrukture daarvan uiteen te sit; om 'n raamwerk vir die strategiese aankoop van gesondheidsorgdienste namens gebruikers deur die Fonds te voorsien; om meganismes te skep vir die gelyke, doeltreffende en effektiewe benutting van die hulpbronne van die Fonds om aan die gesondheidsbehoefte van die bevolking te voldoen; om ongewenste, onetiese en onwettige praktyke in verband met die Fonds en die gebruikers daarvan te voorkom of te beperk; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF**IN ERKENNING VAN—**

- die sosio-ekonomiese ongeregtigheid, wanbalanse en ongelykheid van die verlede;
- die behoefte om die skeidings van die verlede te genees en 'n samelewing te vestig wat op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en fundamentele menseregte gegrond is; en
- die behoefte om die lewensgehalte van alle burgers te verbeter en die potensiaal van elke persoon vry te stel;

GEDAGTIG DAARAAN DAT—

- artikel 12 van die Verenigde Nasies se verdrag oor ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte, 1966, voorsiening maak vir almal se reg op die hoogste bereikbare standaard van fisiese en geestesgesondheid;
- artikel 16 van die Afrika-verdrag oor Mense- en Volkeregte, 1981, voorsiening maak vir die reg om die beste haalbare staat van fisiese en geestesgesondheid te geniet, en vereis dat Staatspartye die nodige stappe doen om die gesondheid van hul mense te beskerm en om te verseker dat hulle mediese aandag ontvang wanneer hulle siek is;
- die regte op gelykheid en menswaardigheid, onderskeidelik, in artikels 9 en 10 van die Grondwet vasgelê is;
- die reg op liggaamlike en sielkundige integriteit in artikel 12(2) van die Grondwet vasgelê is;
- almal ingevolge artikel 27(1)(a) van die Grondwet die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reprodktiewe gesondheidsorg, het;

- in terms of section 27(2) of the Constitution the State must take reasonable legislative and other measures, within its available resources, to achieve the progressive realisation of the right of access to health care services;
- in terms of section 27(3) of the Constitution no one may be refused emergency medical treatment; and
- section 28(1)(c) of the Constitution provides that every child has the right to basic health care services;

AND IN ORDER TO—

- achieve the progressive realisation of the right of access to quality personal health care services;
- make progress towards achieving Universal Health Coverage;
- ensure financial protection from the costs of health care and provide access to quality health care services by pooling public revenue in order to actively and strategically purchase health care services based on the principles of universality and social solidarity;
- create a single framework throughout the Republic for the public funding and public purchasing of health care services, medicines, health goods and health related products, and to eliminate the fragmentation of health care funding in the Republic;
- promote sustainable, equitable, appropriate, efficient and effective public funding for the purchasing of health care services and the procurement of medicines, health goods and health related products from service providers within the context of the national health system; and
- ensure continuity and portability of financing and services throughout the Republic,

BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Sections

ARRANGEMENT OF ACT		
1.	Definitions	5
Chapter 1		
PURPOSE AND APPLICATION OF ACT		
2.	Purpose of Act	10
3.	Application of Act	
Chapter 2		
ACCESS TO HEALTH CARE SERVICES		
4.	Population coverage	15
5.	Registration as users	
6.	Rights of users	
7.	Health care services coverage	
8.	Cost coverage	
Chapter 3		20
NATIONAL HEALTH INSURANCE FUND		
9.	Establishment of Fund	
10.	Functions of Fund	
11.	Powers of Fund	25

- die Staat ingevolge artikel 27(2) van die Grondwet redelike wetgewende en ander maatreëls, binne beskikbare hulpbronne, moet instel om die progressiewe verwesenliking van die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste te bereik;
- ingevolge artikel 27(3) van die Grondwet, mediese noodbehandeling aan niemand geweier mag word nie; en
- artikel 28(1)(c) van die Grondwet bepaal dat elke kind die reg op basiese gesondheidsorgdienste het;

EN TEN EINDE—

- die progressiewe verwesenliking van die reg op toegang tot gehalte persoonlike gesondheidsorgdienste te bereik;
- vordering te maak in die bereiking van Universele Gesondheidsdekking;
- finansiële beskerming van die koste van gesondheidsorg te verseker en toegang tot gehalte gesondheidsorgdienste te voorsien deur staatsinkomste saam te voeg ten einde aktief en strategies gesondheidsorgdienste gegrond op die beginsels van universaliteit en sosiale solidariteit aan te koop;
- 'n enkele raamwerk dwarsdeur die Republiek te skep vir die staatsfinansiering en openbare aankoop van gesondheidsorgdienste, medisyne, gesondheidsgoedere en gesondheidsverwante produkte, en om gefragmenteerde gesondheidsorgfinansiering in die Republiek te elimineer;
- volhoubare, billike, gepaste, doelmatige en doeltreffende openbare finansiering vir die aankoop van gesondheidsorgdienste en die verkryging van medisyne, gesondheidsgoedere en gesondheidsverwante produkte van diensverskaffers binne die nasionale gesondheidstelsel te bevorder; en
- kontinuïteit en verplaasbaarheid van finansiering en dienste regdeur die Republiek te verseker,

DERHALWE verorden die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Artikels

INDELING VAN WET

1. Woordomskrywings

5

Hoofstuk 1**DOEL EN TOEPASSING VAN WET**

2. Doel van Wet
3. Toepassing van Wet

10

Hoofstuk 2**TOEGANG TOT GESONDHEIDSORGDIENTE**

4. Bevolkingsdekking
5. Registrasie as gebruikers
6. Regte van gebruikers
7. Gesondheidsorgdiensdekking
8. Kostedekking

15

Hoofstuk 3**NASIONALE GESONDHEIDSVERSEKERINGSFONDS**

9. Instelling van Fonds
10. Werksaamhede van Fonds
11. Bevoegdhede van Fonds

20

Chapter 4**BOARD OF FUND**

12.	Establishment of Board	
13.	Constitution and composition of Board	5
14.	Chairperson and Deputy Chairperson	
15.	Functions and powers of Board	
16.	Conduct and disclosure of interests	
17.	Quorum, decisions and procedures	
18.	Remuneration and reimbursement	10

Chapter 5**CHIEF EXECUTIVE OFFICER**

19.	Appointment	
20.	Responsibilities	15
21.	Relationship of Chief Executive Officer with Minister, Director-General and Office of Health Standards Compliance	
22.	Staff at executive management level	

Chapter 6**COMMITTEES TO BE ESTABLISHED BY BOARD**

23.	Committees of Board	
24.	Technical committees	20

Chapter 7**ADVISORY COMMITTEES ESTABLISHED BY MINISTER**

25.	Benefits Advisory Committee	
26.	Health Care Benefits Pricing Committee	
27.	Stakeholder Advisory Committee	
28.	Conduct and disclosure of interest	30
29.	Procedures and remuneration	
30.	Vacation of office	

Chapter 8**GENERAL PROVISIONS APPLICABLE TO OPERATION OF FUND**

31.	Role of Minister	
32.	Role of Department	
33.	Role of medical schemes	
34.	National Health Information System	
35.	Purchasing of health care services	40
36.	Role of District Health Management Office	
37.	Contracting Unit for Primary Health Care	
38.	Health Products Procurement Unit	
39.	Accreditation of service providers	
40.	Information platform of Fund	45
41.	Payment of health care service providers	

Chapter 9**COMPLAINTS AND APPEALS**

42.	Complaints	50
43.	Lodging of appeals	
44.	Appeal Tribunal	
45.	Powers of Appeal Tribunal	
46.	Secretariat	
47.	Procedure and remuneration	55

Hoofstuk 4**RAAD VAN FONDS**

12.	Instelling van Raad	
13.	Grondwet en samestelling van Raad	
14.	Voorsitter en ondervoorsitter	5
15.	Wersaamhede en bevoegdhede van Raad	
16.	Gedrag en openbaarmaking van belange	
17.	Kworum, besluite en prosedures	
18.	Vergoeding en terugbetaling	

Hoofstuk 5

10

HOOF- UITVOERENDE BEAMPTTE

19.	Aanstelling	
20.	Verantwoordelikhede	
21.	Verhouding van Hoof- Uitvoerende Beampte met Direkteur-generaal en Kantoor vir Nakoming van Gesondheidsstandaarde	15
22.	Personeel op uitvoerende bestuursvlak	

Hoofstuk 6**KOMITEES DEUR RAAD INGESTEL**

23.	Komitees van Raad	
24.	Tegniese komitees	20

Hoofstuk 7**RAADGEWENDE KOMITEES DEUR MINISTER INGESTEL**

25.	Raadgewende Komitee oor Voordele	
26.	Pryskomitee oor Gesondheidsorgvoordele	
27.	Raadgewende Komitee vir Belanghebbendes	25
28.	Gedrag en openbaarmaking van belange	
29.	Prosedures en vergoeding	
30.	Ontruiming van amp	

Hoofstuk 8**ALGEMENE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP BEDRYF VAN FONDS**

31.	Rol van Minister	
32.	Rol van Departement	
33.	Rol van mediese skemas	
34.	Nasionale gesondheidsinligtingstelsel	
35.	Aankoop van gesondheidsorgdienste	35
36.	Rol van Distrikskantoor vir Gesondheidsbestuur	
37.	Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorg	
38.	Verkrygingseenheid vir Gesondheidsprodukte	
39.	Akkreditasie van diensverskaffers	
40.	Inligtingsplatform van Fonds	40
41.	Betaling van gesondheidsorgdiensverskaffers	

Hoofstuk 9**KLAGTES EN APPÈLLE**

42.	Klagtes	
43.	Indiening van appèlle	45
44.	Appèltribunaal	
45.	Bevoegdhede van Appèltribunaal	
46.	Sekretariaat	
47.	Prosedure en vergoeding	

Chapter 10**FINANCIAL MATTERS**

48. Sources of funding	
49. Chief source of income	5
50. Auditing	
51. Annual reports	

Chapter 11**MISCELLANEOUS**

52. Assignment of duties and delegation of powers	10
53. Protection of confidential information	
54. Offences and penalties	
55. Regulations	
56. Directives	15
57. Transitional arrangements	
58. Repeal or amendment of laws	
59. Short title and commencement	

SCHEDULE

REPEAL AND AMENDMENT OF LEGISLATION AFFECTED BY ACT	20
--	----

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—
- “**accredited**” means to be in possession of a valid certificate of accreditation from the Fund as issued in terms of section 39;
- “**ambulance services**” means ambulance services as contemplated in Part A of Schedule 5 to the Constitution; 25
- “**Appeal Tribunal**” means the Appeal Tribunal established by section 44;
- “**asylum seeker**” has the meaning ascribed to it in section 1 of the Refugees Act;
- “**basic health care services**” means services provided by health care service providers which are essential for maintaining good health and preventing serious health problems including preventative services, primary health care, emergency medical services, diagnostic services, treatment services and rehabilitation services; 30
- “**Benefits Advisory Committee**” means the Benefits Advisory Committee established in terms of section 25; 35
- “**Board**” means the Board of the Fund established by section 12;
- “**central hospital**” means a public hospital designated as such by the Minister as a national resource to provide health care services to all residents, irrespective of the province in which they are located, and that must serve as a centre of excellence for conducting research and training of health workers; 40
- “**certified**”, in respect of a health establishment, means to be in possession of a valid certificate issued by the Office of Health Standards Compliance as provided for in the National Health Act;
- “**Chief Executive Officer**” means the person appointed in terms of section 19;
- “**child**” means a person under the age of 18 years as defined in section 28(3) of the Constitution; 45
- “**complementary cover**” means third party payment for personal health care service benefits not reimbursed by the Fund, including any top up cover offered by medical schemes registered in terms of the Medical Schemes Act or any other voluntary private health insurance fund; 50
- “**comprehensive health care services**” means health care services that are managed so as to ensure a continuum of health promotion, disease prevention, diagnosis, treatment and management, rehabilitation and palliative care services across the different levels and sites of care within the health system in accordance with the needs of users; 55
- “**Constitution**” means the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;
- “**Contracting Unit for Primary Health Care**” means a Contracting Unit for Primary Health Care referred to in section 37;

Hoofstuk 10**FINANSIËLE AANGELEENTHEDE**

48. Bronne van befondsing	
49. Hoofbron van inkomste	
50. Oudit	5
51. Jaarverslae	

Hoofstuk 11**DIVERSE**

52. Toewysing van pligte en delegering van bevoegdhede	
53. Beskerming van vertroulike inligting	10
54. Oortredings en strawwe	
55. Regulasies	
56. Voorskrifte	
57. Oorgangsreëlings	
58. Herroeping of wysiging van wette	15
59. Kort titel en inwerkingtreding	

BYLAE**HERROEPING EN WYSIGING VAN WETGEWING WAT DEUR WET
GERAAK SAL WORD**

Woordomskrywings	20
-------------------------	----

1. In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—
- “**aanvullende dekking**” derdepartydekking vir persoonlike gesondheidsorgvoordele wat nie deur die Fonds terugbetaal word nie, met inbegrip van enige opvuldekking wat aangebied word deur mediese skemas wat ingevolge die Wet op Mediese Skemas geregistreer is of enige ander vrywillige, private gesondheidsorgfondse;
- “**ambulansdienste**” ambulansdienste soos in Deel A van Bylae 5 by die Grondwet beoog;
- “**Appèltribunaal**” die Appèltribunaal deur artikel 44 ingestel;
- “**asielversoeker**” dit wat in artikel 1 van die Wet op Vlugteling daaraan toegeskryf word;
- “**basiese gesondheidsorgdienste**” dienste verskaf deur gesondheidsorgdiensverskaffers wat noodsaaklik is vir die handhawing van goeie gesondheid en die voorkoming van ernstige gesondheidsprobleme, insluitend voorkomende dienste, primêre gesondheidsorg, mediese nooddienste, diagnostiese dienste, behandelingsdienste en rehabilitasiedienste;
- “**boekjaar**” ’n boekjaar soos in artikel 1 van die Wet op Finansiële Bestuur omskryf;
- “**Departement**” die Nasionale Departement van Gesondheid ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), ingestel;
- “**Distrikskantoor vir Gesondheidsbestuur**” ’n Distrikskantoor vir Gesondheidsbestuur soos in artikel 36 bedoel;
- “**Formularium**” die Formularium en die samestelling daarvan in artikel 38(4) bedoel;
- “**Fonds**” die Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds by artikel 9 ingestel;
- “**geakkrediteer**” om in besit van ’n geldige akkreditasiesertifikaat van die Fonds te wees wat ingevolge artikel 39 uitgereik is;
- “**gebruiker**” ’n persoon wat ingevolge artikel 5 as ’n gebruiker geregistreer is
- “**gesertifiseer**”, ten opsigte van ’n gesondheidsinstelling, om in besit te wees van ’n geldige sertifikaat wat uitgereik is deur die Kantoor vir Voldoening aan Gesondheidstandaarde soos in die “National Health Act” bepaal;
- “**gesondheidsgoedere**”, ten opsigte van die lewering van gesondheidsorgdienste, ook mediese toerusting, mediese toestelle en voorrade, gesondheidstegnologie of gesondheidsnavorsing in wat bestem is vir gebruik of verbruik deur, toediening aan, of vir die bevordering, bewaring, diagnose of verbetering van, die gesondheidsstatus van ’n mens;
- “**gesondheidsinstelling**” ’n “health establishment” soos in artikel 1 van die “National Health Act” omskryf;

- “**Department**” means the National Department of Health established in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994);
- “**District Health Management Office**” means a District Health Management Office referred to in section 36;
- “**emergency medical services**” means services provided by any private or public entity dedicated, staffed and equipped to offer acute medical treatment and transport of the ill or injured; 5
- “**financial year**” means a financial year as defined in section 1 of the Public Finance Management Act;
- “**Formulary**” means the Formulary and its composition referred to in section 38(4); 10
- “**Fund**” means the National Health Insurance Fund established by section 9;
- “**health care service**” means—
- (a) health care services, including reproductive health care and emergency medical treatment, contemplated in section 27 of the Constitution; 15
 - (b) basic nutrition and basic health care services contemplated in section 28(1)(c) of the Constitution;
 - (c) medical treatment contemplated in section 35(2)(e) of the Constitution; and
 - (d) where applicable, provincial, district and municipal health care services;
- “**health care service provider**” means a natural or juristic person in the public or private sector providing health care services in terms of any law; 20
- “**health establishment**” means a health establishment as defined in section 1 of the National Health Act;
- “**health goods**”, in respect of the delivery of health care services, includes medical equipment, medical devices and supplies, health technology or health research intended for use or consumption by, application to, or for the promotion, preservation, diagnosis or improvement of, the health status of a human being; 25
- “**health product**” means a product regulated in terms of the Medicines and Related Substances Act, 1965 (Act No. 101 of 1965), the Hazardous Substances Act, 1973 (Act No. 15 of 1973), the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act No. 54 of 1972), or any other product regulated by a law governing its quality, efficacy or performance and used in the provision of health care services; 30
- “**health related product**” means any commodity other than orthodox medicine, complementary medicine, veterinary medicine, medical device or scheduled substance which is produced by human effort or some mechanical, chemical, electrical or other human engineering process for medicinal purposes or other preventive, curative, therapeutic or diagnostic purposes in connection with human health; 35
- “**health research**” means health research as defined in section 1 of the National Health Act; 40
- “**hospital**” means a health establishment which is classified as a hospital by the Minister in terms of section 35 of the National Health Act;
- “**Immigration Act**” means the Immigration Act, 2002 (Act No. 13 of 2002);
- “**mandatory prepayment**” means compulsory payment for health services before they are needed in accordance with income levels; 45
- “**medical scheme**” means a medical scheme as defined in the Medical Schemes Act;
- “**Medical Schemes Act**” means the Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998);
- “**medicine**” means medicine as defined in section 1 of the Medicines and Related Substances Act, 1965 (Act No. 101 of 1965); 50
- “**Minister**” means the Cabinet member responsible for health;
- “**National Health Act**” means the National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003);
- “**national health system**” has the meaning ascribed to it in section 1 of the National Health Act; 55
- “**Office of Health Standards Compliance**” means the Office of Health Standards Compliance established by section 77 of the National Health Act;
- “**permanent resident**” means a person having permanent residence status in terms of the Immigration Act;
- “**personal information**” means personal information as defined in section 1 of the Promotion of Access to Information Act; 60

- “**gesondheidsnavorsing**” “health research” soos in artikel 1 van die “National Health Act” omskryf;
- “**gesondheidsorgdiens**” beteken—
- (a) gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reprodktiewe gesondheidsorg en mediese noodbehandeling, in artikel 27 van die Grondwet beoog; 5
- (b) basiese voeding en basiese gesondheidsorgdienste in artikel 28(1)(c) van die Grondwet beoog;
- (c) mediese behandeling in artikel 35(2)(e) van die Grondwet bedoel; en
- (d) waar van toepassing, provinsiale, distriks- en munisipale gesondheidsorgdienste; 10
- “**gesondheidsorgdiensverskaffer**” ’n natuurlike of regs persoon in die openbare of private sektor wat ingevolge enige wet gesondheidsorgdienste voorsien;
- “**gesondheidsproduk**” ’n produk ingevolge die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965), die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet No. 15 van 1973), Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972), of enige produk wat gereguleer word deur ’n wetsbepaling wat die gehalte, doeltreffendheid of werksverrigting daarvan beheer en wat gebruik word in die voorsiening van gesondheidsorgdienste; 15
- “**gesondheidsverwante produk**” enige kommoditeit behalwe ortodokse medisyne, aanvullende medisyne, veeartsenykunde medisyne, mediese toestel of geskeduleerde stof wat deur menslike inspanning of een of ander meganiese, chemiese, elektriese of ander menslike ingenieursproses vir medisinale doeleindes of ander voorkomende, genesende, terapeutiese of diagnostiese doeleindes in verband met menslike gesondheid vervaardig; 20
- “**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; 25
- “**hierdie Wet**” ook enige regulasies gepromulgeer, voorskrif of reël gemaak of kennisgewing uitgereik deur die Minister en voorskrif deur die Fonds uitgereik ingevolge hierdie Wet;
- “**Hoof- Uitvoerende Beampte**” die persoon wat ingevolge artikel 19 aangestel is;
- “**hospitaal**” ’n gesondheidsinstelling wat deur die Minister as ’n hospitaal geklassifiseer is ingevolge artikel 35 van die “National Health Act”; 30
- “**Immigration Act**” die “Immigration Act, 2002” (Wet No. 13 van 2002);
- “**Kantoor vir Nakoming van Gesondheidsstandaarde**” die Kantoor vir Nakoming van Gesondheidsstandaarde deur artikel 77 van die “National Health Act” ingestel; 35
- “**kind**” ’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar soos in artikel 28(3) van die Grondwet omskryf;
- “**Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorg**” ’n Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorg in artikel 37 bedoel;
- “**maatskaplike solidariteit**” die verskaffing van finansiële risikopool om kruissubsidiëring tussen jonk en oud, die rykes en die armes en die gesondes en die siekes moontlik te maak; 40
- “**mediese nooddienste**” dienste deur enige private of staatsentiteit voorsien wat toegewy, beman en toegerus is om akute mediese behandeling en vervoer aan siek of beseerde persone te voorsien; 45
- “**mediese skema**” ’n mediese skema soos in die Wet op Mediese Skemas omskryf;
- “**medisyne**” medisyne soos in die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965), omskryf;
- “**Minister**” die Kabinetslid verantwoordelik vir gesondheid;
- “**nasionale gesondheidstelsel**” die “national health system” soos in artikel 1 van die “National Health Act” omskryf; 50
- “**National Health Act**” die “National Health Act, 2003” (Wet No. 61 van 2003);
- “**omvattende gesondheidsorgdienste**” gesondheidsorgdienste wat bestuur word sodat ’n kontinuum van gesondheidsbevordering, siektevoorkoming, diagnose, behandeling en bestuur, rehabilitasie en palliatiewe sorgdienste oor die verskillende vlakke en terreine van sorg binne die gesondheidstelsel in ooreenstemming met die behoeftes van gebruikers verseker word; 55
- “**openbare entiteit**” ’n nasionale openbare entiteit soos weerspieël in Bylae 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;
- “**permanente inwoner**” ’n persoon wat permanente verblyfstatus ingevolge die “Immigration Act” het; 60
- “**persoonlike inligting**” inligting soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting;

- “**pooling of funds**” means the aggregation of financial resources for the purpose of spreading the risk across the population so that individual users can access health services without financial risk;
- “**prescribed**” means prescribed by regulation made under section 55;
- “**primary health care**” means addressing the main health problems in the community through providing promotive, preventive, curative and rehabilitative services and—
- (a) is the first level of contact of individuals, the family and community with the national health system, bringing health care as close as possible to where people live and work, and constitutes the first element of a continuing health care process; and
- (b) in the public health sector, is the clinic, and in the private health sector, is the general practitioner, primary care nursing professional, primary care dental professional and primary allied health professional, through multi-disciplinary practices;
- “**procurement**” has the meaning ascribed to it in section 217(1) of the Constitution;
- “**Promotion of Access to Information Act**” means the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No. 2 of 2000);
- “**provider payment**” means the payment to providers in a way that creates appropriate incentives for efficiency in the provision of quality and accessible health care services using a uniform reimbursement strategy;
- “**public entity**” means a national public entity as reflected in Schedule 3 to the Public Finance Management Act;
- “**Public Finance Management Act**” means the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);
- “**referral**” means the transfer of a user to an appropriate health establishment in terms of section 44(2) of the National Health Act;
- “**refugee**” has the meaning ascribed to it in section 1 of the Refugees Act;
- “**Refugees Act**” means the Refugees Act, 1998 (Act No. 130 of 1998);
- “**Republic**” means the Republic of South Africa;
- “**social solidarity**” means providing financial risk pooling to enable cross-subsidisation between the young and the old, the rich and the poor and the healthy and the sick;
- “**strategic purchasing**” means the active purchasing of health care services by the pooling of funds and the purchasing of comprehensive health care services from accredited and contracted providers on behalf of the population;
- “**supplier**” means a natural or juristic person in the public or private sector providing goods and services other than personal health care services;
- “**this Act**” includes any regulation promulgated, directive or rule made or notice issued by the Minister and directive issued by the Fund in terms of this Act; and
- “**user**” means a person registered as a user in terms of section 5.

Chapter 1

PURPOSE AND APPLICATION OF ACT

Purpose of Act 45

2. The purpose of this Act is to establish and maintain a National Health Insurance Fund in the Republic funded through mandatory prepayment that aims to achieve sustainable and affordable universal access to quality health care services by—
- (a) serving as the single purchaser and single payer of health care services in order to ensure the equitable and fair distribution and use of health care services;
- (b) ensuring the sustainability of funding for health care services within the Republic; and

- “primêre gesondheidsorg”** die behandeling van die hoofgesondheidsprobleme in die gemeenskap deur bevorderende, voorkomende, kuratiewe en rehabilitatiewe dienste te verskaf en—
- (a) is die eerste vlak van kontak van individue, die gesin en gemeenskap met die nasionale gesondheidstelsel, wat gesondheidsorg so na as moontlik bring aan waar mense woon en werk, en vorm die eerste element van ’n voortgesette gesondheidsorgproses; en 5
- (b) in die openbare gesondheidssektor, is die kliniek, en in die private gesondheidssektor, is die algemene praktisyn, primêre sorg-verpleegkundige, professionele primêre sorg-tandheelkundige, professionele en primêre verwante gesondheidswerker, deur multi-dissiplinêre praktyke; 10
- “Raad”** die Raad van die Fonds deur artikel 12 ingestel;
- “Raadgewende Komitee oor Voordele”** die Raadgewende Komitee oor Voordele wat ingevolge artikel 25 ingestel is;
- “Republiek”** die Republiek van Suid-Afrika; 15
- “samevoeging van fondse”** die samevoeging van finansiële hulpbronne met die doel om die risiko oor die bevolking te versprei sodat individuele gebruikers sonder finansiële risiko toegang tot gesondheidsdienste kan verkry;
- “sentrale hospitaal”** ’n staatshospitaal as sodanig deur die Minister aangewys as ’n nasionale hulpbron om gesondheidsorgdienste aan alle inwoners te voorsien, ongeag van die provinsie waar hulle hulself bevind, en wat as ’n sentrum van uitmuntendheid moet dien vir die doen van navorsing en vir die opleiding van gesondheidswerkers; 20
- “strategiese aankope”** die aktiewe aankoop van gesondheidsorgdienste deur die samevoeging van fondse en die aankoop van omvattende gesondheidsorgdienste van geakkrediteerde en gekontrakteerde verskaffers namens die bevolking; 25
- “verkryging”** dit wat in artikel 217(1) van die Grondwet daaraan toegeskryf word;
- “verpligte voorafbetaling”** verpligte betaling ooreenkomstig inkomstevlakke vir gesondheidsdienste voordat dit benodig word;
- “verskaffer”** ’n natuurlike persoon of regspersoon in die openbare of private sektor wat goedere en dienste anders as persoonlike gesondheidsorgdienste verskaf; 30
- “verskafferbetaling”** die betaling aan verskaffers op ’n manier wat toepaslike aansporings skep vir doeltreffendheid in die verskaffing van gehalte en toeganklike gesondheidsorgdienste deur ’n eenvormige terugbetalingstrategie te gebruik; 35
- “verwysing”** die oorplasing van ’n gebruiker na ’n gepaste gesondheidsinstelling ingevolge artikel 44(2) van die “National Health Act”;
- “vlugteling”** dit wat in artikel 1 van die Wet op Vlugteling daaraan toegeskryf word;
- “voorgeskrif”** voorgeskryf deur ’n regulasie wat kragtens artikel 55 uitgevaardig is; 40
- “Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting”** die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000)
- “Wet op Mediese Skemas”** die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998); 45
- “Wet op Openbare Finansiële Bestuur”** die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);
- “Wet op Vlugteling”** die Wet op Vlugteling, 1998 (Wet No. 130 van 1998).

Hoofstuk 1

DOEL EN TOEPASSING VAN WET 50

Doel van Wet

2. Die doel van hierdie Wet is om ’n Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds in die Republiek in te stel wat deur verpligte voorafbetaling gefinansier word wat daarop gemik is om volhoubare en bekostigbare universele toegang tot gesondheidsorgdienste te behaal deur— 55
- (a) as die alleen aankoper en alleen betaler van gesondheidsorgdienste te dien ten einde die gelyke en regverdige verspreiding en gebruik van gesondheidsorgdienste te verseker;
- (b) die volhoubaarheid van finansiering vir gesondheidsorgdienste binne die Republiek te verseker; en 60

- (c) providing for equity and efficiency in funding by pooling of funds and strategic purchasing of health care services, medicines, health goods and health related products from accredited and contracted health care service providers.

Application of Act 5

3. (1) This Act applies to all health establishments, excluding military health services and establishments.

(2) This Act does not apply to members of—

- (a) the National Defence Force; and
(b) the State Security Agency. 10

(3) If any conflict, relating to the matters dealt with in this Act, arises between this Act and the provisions of any other law, except the Constitution and the Public Finance Management Act or any Act expressly amending this Act, the provisions of this Act prevail.

(4) The Act does not in any way amend, change or affect the funding and functions of any organs of state in respect of health care services until legislation contemplated in sections 77 and 214, read with section 227, of the Constitution and any other relevant legislation have been enacted or amended.

(5) The Fund is exempt from the Competition Act, 1998 (Act No. 89 of 1998), to enable it to fulfil its mandate as a single purchaser and single payer as contemplated in section 2. 20

Chapter 2

ACCESS TO HEALTH CARE SERVICES

Population coverage

4. (1) The Fund, in consultation with the Minister, must purchase health care services, determined by the Benefits Advisory Committee, on behalf of— 25

- (a) South African citizens;
(b) permanent residents;
(c) refugees;
(d) inmates as provided for in section 12 of the Correctional Services Act, 1998 (Act No. 111 of 1998); and 30
(e) certain categories or individual foreigners determined by the Minister of Home Affairs, after consultation with the Minister and the Minister of Finance, by notice in the *Gazette*.

(2) An asylum seeker or illegal foreigner is only entitled to— 35

- (a) emergency medical services; and
(b) services for notifiable conditions of public health concern.

(3) All children, including children of asylum seekers or illegal foreigners, are entitled to basic health care services as provided for in section 28(1)(c) of the Constitution.

(4) A person seeking health care services from an accredited health care service provider or health establishment must be registered as a user of the Fund as provided for in section 5, and must present proof of identity to the health care service provider or health establishment in order to secure the health care service benefits to which he or she is entitled. 40

(5) A foreigner visiting the Republic for any purpose— 45

- (a) must have travel insurance to receive health care services under their relevant travel insurance contract or policy; and
(b) who does not have travel insurance contract or policy referred to in paragraph (a), has the right to health care services as contemplated in subsection (2).

Registration as users 50

5. (1) A person who is eligible to receive health care services in accordance with section 4 must register as a user with the Fund at an accredited health care service provider or health establishment.

(2) (a) A person as contemplated in subsection (1), must register his or her child as a user with the Fund at an accredited health care service provider or health establishment. 55

- (c) voorsiening te maak vir gelykheid en doeltreffendheid in finansiering deur fondse saam te voeg en gesondheidsorgdienste, medisyne, gesondheids-goedere en gesondheidsverwante produkte van geakkrediteerde en gekontrakteeerde gesondheidsorgdiensverskaffers aan te koop.

Toepassing van Wet

5

3. (1) Hierdie Wet is van toepassing op alle gesondheidsinstellings, met uitsondering van militêre gesondheidsdienste en -instellings.

(2) Hierdie Wet is nie van toepassing nie op lede van—

(a) die Nasionale Weermag; en

(b) die Staatsveiligheidsagentskap.

10

(3) Indien enige teenstrydigheid betreffende die aangeleenthede wat in hierdie Wet hanteer word en die bepalings van enige ander wet ontstaan, met uitsondering van die Grondwet en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur of enige Wet wat hierdie Wet uitdruklik wysig, geld die bepalings van hierdie Wet.

(4) Die Wet wysig, verander of raak geensins die befondsing en funksies van enige staatsorgane ten opsigte van gesondheidsorgdienste totdat wetgewing bedoel in artikels 77 en 214, saamgelees met artikel 227, van die Grondwet en enige ander relevante wetgewing, uitgevaardig of gewysig is nie.

15

(5) Die Fonds is vrygestel van die Wet op Mededinging, 1998 (Wet No. 89 van 1998), om die Fonds in staat te stel om sy mandaat as 'n alleenkoper en alleenbetaler soos beoog in artikel 2, te vervul.

20

Hoofstuk 2**TOEGANG TOT GESONDHEIDSORGDIENTE****Bevolkingsdekking**

4. (1) Die Fonds, in oorleg met die Minister, moet gesondheidsorgdienste aankoop, deur die Raadgewende Komitee oor Voordele vasgestel, ten behoeve van—

25

(a) Suid-Afrikaanse burgers;

(b) permanente inwoners;

(c) vlugtelinge;

(d) ingehoudenes soos in artikel 12 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1998 (Wet No. 111 van 1998), voor voorsiening gemaak; en

30

(e) sekere kategorieë van of individuele buitelanders deur die Minister van Binnelandse Sake vasgestel, na oorlegpleging met die Minister en die Minister van Finansies, by kennisgewing in die *Staatskoerant*.

(2) 'n Asielversoeker of onwettige vreemdeling is slegs geregtig op—

35

(a) mediese nooddienste; en

(b) dienste vir aanmeldbare mediese toestande wat die openbare gesondheid raak.

(3) Alle kinders, met inbegrip van kinders van asielzoekers en onwettige vreemdelinge, is geregtig op basiese gesondheidsorgdienste soos in artikel 28(1)(c) van die Grondwet bepaal.

40

(4) 'n Persoon wat gesondheidsorgdienste van 'n geakkrediteerde gesondheidsorgdiensverskaffer of gesondheidsinstelling wil kry, moet 'n geregistreerde gebruiker van die Fonds wees, soos in artikel 5 bepaal, en moet bewys van identiteit aan die gesondheidsorgdiensverskaffer of gesondheidsinstelling toon ten einde die gesondheidsorgvoordele te kry waarop hy of sy geregtig is.

45

(5) 'n Buitelander wat die Republiek vir enige doel besoek—

(a) moet reisversekering hê om gesondheidsorgdienste kragtens hulle tersaaklike reisversekeringskontrak of -beleid te ontvang; en

(b) wat nie 'n reisversekeringskontrak of -polis het soos in paragraaf (a) bedoel nie, is geregtig op gesondheidsorgdienste soos in subartikel (2) bedoel.

50

Registrasie as gebruikers

5. (1) 'n Persoon wat kwalifiseer om gesondheidsorgdienste ooreenkomstig artikel 4 te ontvang, moet by die Fonds registreer as 'n gebruiker by 'n geakkrediteerde gesondheidsorgverskaffer of gesondheidsinstelling.

(2) (a) 'n Persoon in subartikel (1) beoog, moet sy of haar kind by die Fonds registreer by 'n geakkrediteerde gesondheidsorgverskaffer of gesondheidsinstelling.

55

(b) A child born to a user must be regarded as having been registered automatically at birth.

(3) A person between 12 and 18 years of age may apply for registration as a user if he or she is not registered as a user in terms of subsection (2).

(4) (a) A supervising adult as contemplated in section 137(3) of the Children's Act, 2005 (Act No. 38 of 2005), must register a child in the child-headed household concerned. 5

(b) If no adult has been designated in terms of section 137(3) of the Children's Act, 2005 (Act No. 38 of 2005), any employee of an accredited health care service provider or health establishment must assist the child to be so registered. 10

(5) When applying for registration as a user, the person concerned must provide his or her biometrics and such other information as may be prescribed, including fingerprints, photographs, proof of habitual place of residence and—

(a) an identity card as defined in the Identification Act, 1997 (Act No. 68 of 1997); 15

(b) an original birth certificate; or

(c) a refugee identity card issued in terms of the Refugees Act.

(6) The Minister, in consultation with the Minister of Home Affairs, may prescribe any further requirements for registration of foreigners contemplated in section 4(1)(e). 20

(7) Accredited health establishments whose particulars are published by the Minister in the *Gazette* must, on behalf of the Fund, maintain a register of all users containing such details as may be prescribed.

(8) A person seeking health care services purchased for his or her benefit by the Fund from an accredited health care service provider or health establishment must be registered as a user and present proof of identity to that health care service provider or health establishment when seeking those health care services. 25

Rights of users

6. Without derogating from any other right or entitlement granted under this Act or under any other law, a user of health care services purchased by the Fund is entitled—

(a) to receive necessary quality health care services free at the point of care from an accredited health care service provider or health establishment upon proof of identity with the Fund; 30

(b) to information relating to the Fund and health care service benefits available to users;

(c) to access any information or records relating to his or her health kept by the Fund, as provided for in the Promotion of Access to Information Act, in order to exercise or protect his or her rights; 35

(d) not to be refused access to health care services on unreasonable grounds;

(e) not to be unfairly discriminated against as provided for in the Constitution and the Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000 (Act No. 4 of 2000); 40

(f) to access health care services within a reasonable time period;

(g) to be treated with a professional standard of care;

(h) to make reasonable decisions about his or her health care;

(i) to submit a complaint in accordance with section 42 regarding— 45

(i) poor access to or quality of health care services; or

(ii) fraud or other abuses by a health care service provider, a health establishment, a supplier or the Fund;

(j) to request written reasons for decisions of the Fund;

(k) to lodge an appeal against a decision of the Fund in accordance with section 43; 50

(l) to institute proceedings for the judicial review of any decision of the Appeal Tribunal;

(m) to the protection of his or her rights to privacy and confidentiality, in accordance with the Protection of Personal Information Act, 2013 (Act No. 4 55

(b) 'n Kind wat vir 'n gebruiker gebore is, moet geag word outomaties by geboorte geregistreer te wees.

(3) 'n Persoon tussen die ouderdomme van 12 en 18 jaar kan aansoek doen om registrasie as 'n gebruiker as hy of sy nie ingevolge subartikel (2) as 'n gebruiker geregistreer is nie.

(4) (a) 'n Toesighoudende volwassene soos in artikel 137(3) van die "Children's Act, 2005" (Wet No. 38 van 2005), beoog, moet 'n kind in die betrokke huishouding wat 'n kind aan die hoof daarvan het, registreer.

(b) Indien geen volwassene soos in artikel 137(3) van die "Children's Act, 2005" (Wet No. 38 van 2005), bedoel, aangewys is nie, moet enige werknemer van 'n geakkrediteerde gesondheidsorgdiensverskaffer of gesondheidsinstelling die kind bystaan om aldus geregistreer te word.

(5) By aansoek om registrasie as 'n gebruiker, moet die betrokke persoon sy of haar biometrieka en sodanige ander inligting wat voorgeskryf kan word, verstrek, met inbegrip van vingerafdrukke, foto's, bewys van gebruiklike woonplek en—

(a) 'n identiteitskaart soos in die Wet op Identifikasie, 1997 (Wet No. 68 van 1997), beoog;

(b) 'n oorspronklike geboortsertifikaat; of

(c) 'n vlugteling-identiteitskaart wat ingevolge die Wet op Vlugteling uitgereik is.

(6) Die Minister, in oorleg met die Minister van Binnelandse Sake, kan enige verdere vereistes vir registrasie van buitelanders voorskryf soos in artikel (4)(1)(e) beoog.

(7) Geakkrediteerde gesondheidsinstellings waarvan die besonderhede deur die Minister in die *Staatskoerant* gepubliseer word, moet, namens die Fonds, 'n register hou van alle gebruikers wat die besonderhede bevat wat voorgeskryf kan word.

(8) 'n Persoon wat gesondheidsorgdienste wil hê wat namens hom of haar deur die Fonds van 'n geakkrediteerde gesondheidsorgverskaffer of gesondheidsinstelling aangekoop is, moet as 'n gebruiker geregistreer wees en moet bewys van identiteit aan daardie gesondheidsorgdiensverskaffer of gesondheidsinstelling verstrek wanneer daardie gesondheidsorgdienste benodig word.

Regte van gebruikers

6. Sonder om afbreuk te doen aan enige ander reg of aanspraak wat kragtens hierdie Wet of kragtens enige ander wet verleen word, is 'n gebruiker van gesondheidsorgdienste wat deur die Fonds gekoop word, geregtig—

(5) The Board may recommend to the Minister the removal of the Chief Executive Officer, after a fair hearing, if that person—

- (a) is or becomes disqualified in terms of the law; 50

(5) Die Raad en Hoof- Uitvoerende Beamppte moet minstens twee keer per jaar met die Minister en die Direkteur-generaal van die Departement vergader om inligting uit te ruil wat nodig is vir die Raad om die Raad se verantwoordelikhede uit te voer.

Gedrag en openbaarmaking van belange

16. (1) 'n Lid van die Raad mag nie enige betaalde diens aanneem wat kan bots met die behoorlike uitvoering van sy of haar funksies nie. 5

(2) 'n Lid van die Raad mag nie—

- (a) 'n staatswerknemer of 'n werknemer van die Fonds wees;
- (b) die verrigtinge tydens 'n vergadering van die Raad of 'n komitee daarvan bywoon, daaraan deelneem, stem of beïnvloed indien, met betrekking tot die aangeleentheid voor die Raad of komitee, daardie lid 'n belang het, met inbegrip van 'n finansiële belang, wat hom of haar verhinder om op 'n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike wyse op te tree; of 10
- (c) privaat gebruik maak van, of voordeel trek uit, enige vertroulike inligting wat verkry is as gevolg van die uitvoering van sy of haar funksies as 'n lid van die Raad nie. 15

(3) By die toepassing van subartikel (2)(b), beteken 'n "finansiële belang" 'n direkte of indirekte wesenlike belang van 'n geldelike aard, of waaraan 'n geldwaarde geheg kan word.

Kworum, besluite en prosedures 20

17. (1) Die meerderheid van al die lede van die Raad vorm 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad.

(2) Enige aangeleentheid voor die Raad word beslis deur die stemme van die meerderheid van die lede teenwoordig by die vergadering: Met dien verstande dat—

- (a) die teenwoordige lede 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad uitmaak; en 25
- (b) die lid wat by die vergadering voorsit, 'n beslissende stem bykomend tot daardie lid se stem as 'n lid moet uitoefen, indien daar 'n staking van stemme is.

(3) Die Raad moet sy eie prosedures in oorleg met die Minister bepaal.

Vergoeding en terugbetaling 30

18. Die Fonds kan 'n Raadslid vergoed en hom of haar vergoed vir uitgawes soos bepaal deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies en in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

Hoofstuk 5

HOOF- UITVOERENDE BEAMPTE 35

Aanstelling

19. (1) 'n Hoof- Uitvoerende Beamppte moet op grond van sy of haar ervaring en tegniese bevoegdheid aangestel word as die administratiewe hoof van die Fonds ooreenkomstig 'n deursigtige en mededingende proses.

(2) Die Raad moet— 40

- (a) onderhoude met kandidate op 'n kortlys voer; en
- (b) hul aanbeveling na die Minister aanstuur vir goedkeuring deur die Kabinet.

(3) Die Minister moet, binne 30 dae vanaf die datum van goedkeuring deur die Kabinet vir die aanstelling van die Hoof- Uitvoerende Beamppte, die Parlement in kennis stel van die finale aanstelling en in die *Staatskoerant* kennis van die aanstelling gee. 45

(4) 'n Persoon wat as Hoof- Uitvoerende Beamppte aangestel word, beklee die amp—

- (a) vir 'n termyn waarop ooreengekom is van hoogstens vyf jaar, wat slegs een keer hernu kan word; en
- (b) behoudens die voorskrifte en bepalings van die Raad in oorleg met die Minister. 50

(5) Die Raad kan, na 'n billike verhoor, 'n aanbeveling aan die Minister maak dat die Hoof- Uitvoerende Beamppte onthef word, indien daardie persoon—

- (a) regtens onbevoeg word;

- (b) fails to perform the functions of his or her office in good faith, in the public interest and in accordance with applicable ethical and legal prescripts; or
- (c) becomes unable to continue to perform the functions of his or her office for any other reason.

Responsibilities

5

- 20.** (1) The Chief Executive Officer as administrative head of the Fund—
- (a) is directly accountable to the Board;
 - (b) is responsible for the functions specifically designated by the Board;
 - (c) takes all decisions as contemplated in terms of subsection (6); and
 - (d) must report to the Board on a quarterly basis and to Parliament on an annual basis. 10
- (2) Subject to the direction and advice of the Board, the responsibilities of the Chief Executive Officer include the—
- (a) formation and development of an efficient Fund administration;
 - (b) organisation and control of the staff of the Fund; 15
 - (c) terms and conditions of employment of the staff of the Fund;
 - (d) collective bargaining relating to the staff of the Fund;
 - (e) maintenance of discipline within the Fund;
 - (f) effective deployment and utilisation of staff to achieve maximum operational results; and 20
 - (g) establishment of a Risk Management and Fraud Prevention Investigation unit within the national office of the Fund for the purposes of—
 - (i) investigating complaints of fraud, corruption, other criminal activity, unethical business practices and abuse relating to any matter affecting the Fund or users of the Fund; and 25
 - (ii) liaising with the District Health Management Office concerning any matter contemplated in subparagraph (i).
- (3) Subject to the direction of the Board, the Chief Executive Officer must establish the following units in order to ensure the efficient and effective functioning of the Fund:
- (a) Planning; 30
 - (b) Benefits Design;
 - (c) Provider Payment Mechanisms and Rates;
 - (d) Accreditation;
 - (e) Purchasing and Contracting;
 - (f) Provider Payment; 35
 - (g) Health Products Procurement;
 - (h) Performance Monitoring; and
 - (i) Risk Management and Fraud Prevention Investigation.
- (4) Subject to the direction of the Board, the Chief Executive Officer is responsible for— 40
- (a) all income and expenditure of the Fund;
 - (b) all revenue received from the National Treasury established by section 5 of the Public Finance Management Act or obtained from any other source, as the case may be;
 - (c) all assets and the discharge of all liabilities of the Fund; and 45
 - (d) the proper and diligent implementation of financial matters of the Fund as provided for in the Public Finance Management Act.
- (5) The Chief Executive Officer must submit to the Board an annual report of the activities of the Fund during a financial year as outlined in section 51, which must include— 50
- (a) details of the financial performance of the Fund, as audited by the Auditor-General, including evidence of the proper and diligent implementation of the Public Finance Management Act;
 - (b) details of performance of the Fund in relation to ensuring access to quality health care services in line with the health care needs of the population; 55
 - (c) the number of accredited and approved health care providers; and
 - (d) the health status of the population based on such requirements as may be prescribed.

- (b) versuim om die werksaamhede van sy of haar amp te goeder trou, in die openbare belang en ooreenkomstig toepaslike etiese en regsvoorskrifte te verrig; of
- (c) om enige ander rede nie meer in staat is om die werksaamhede van sy of haar amp te verrig nie.

5

Verantwoordelikhede

20. (1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte as administratiewe hoof van die Fonds—
- (a) is direk aan die Raad verantwoordbaar;
- (b) is verantwoordelik vir die werksaamhede wat spesifiek deur die Raad aangewys is; 10
- (c) neem alle besluite soos ingevolge subartikel (6) beoog; en
- (d) moet op 'n kwartaallikse basis aan die Raad en op 'n jaarlikse basis aan die Parlement verslag doen.
- (2) Onderhewig aan die opdrag en advies van die Raad, sluit die verantwoordelikhede van die Hoof- Uitvoerende Beampte die volgende in: 15
- (a) Vorming en ontwikkeling van 'n doeltreffende Fondsadministrasie;
- (b) organisasie en beheer van die personeel van die Fonds;
- (c) diensbepalings en -voorwaardes van die personeel van die Fonds;
- (d) kollektiewe bedinging met betrekking tot die personeel van die Fonds;
- (e) handhawing van dissipline binne die Fonds; 20
- (f) effektiewe ontplooiing en benutting van personeel om maksimum bedryfsresultate te bereik; en
- (g) vestiging van 'n Ondersoekeenheid vir Risikobestuur- en Bedrogvoorkoming binne die nasionale kantoor van die Fonds vir die doeleindes van—
- (i) die ondersoek van klagtes van bedrog, korrupsie, ander kriminele aktiwiteite, onetiese sakepraktyke en misbruik met betrekking tot enige aangeleentheid wat die Fonds of gebruikers van die Fonds raak; en 25
- (ii) skakeling met die Distrikskantoor vir Gesondheidsbestuur oor enige aangeleentheid in subparagraaf (i) beoog.
- (3) Onderhewig aan die opdrag van die Raad, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte die volgende eenhede instel om die doeltreffende en effektiewe funksionering van die Fonds te verseker: 30
- (a) Beplanning;
- (b) Voordele-ontwerp;
- (c) Verskafferbetalingsmeganismes en -tariewe; 35
- (d) Akkreditasie;
- (e) Aankope en Kontraktering;
- (f) Verskafferbetaling;
- (g) Verkryging van gesondheidsprodukte;
- (h) Prestasiemonitering; en 40
- (i) Ondersoekeenheid vir Risikobestuur en Bedrogvoorkoming.
- (4) Behoudens die opdrag van die Raad, is die Hoof- Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir—
- (a) alle inkomste en uitgawes van die Fonds;
- (b) alle inkomste ontvang van die Nasionale Tesourie ingestel deur artikel 5 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur of verkry vanaf enige ander bron, na gelang van die geval; 45
- (c) alle bates en die vereffening van alle laste van die Fonds; en
- (d) die behoorlike en noukeurige implementering van finansiële aangeleenthede van die Fonds soos bepaal in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur. 50
- (5) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet 'n jaarverslag aan die Raad voorlê van die aktiwiteite van die Fonds gedurende 'n finansiële jaar soos uiteengesit in artikel 51, wat moet insluit—
- (a) besonderhede van die finansiële prestasie van die Fonds, soos geaudit deur die Ouditeur-generaal, met inbegrip van bewyse van die behoorlike en noukeurige implementering van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur; 55
- (b) besonderhede van die prestasie van die Fonds met betrekking tot die versekering van toegang tot gehalte gesondheidsorgdienste in ooreenstemming met die gesondheidsorgbehoefte van die bevolking;
- (c) die aantal geakkrediteerde en goedgekeurde gesondheidsorgverskaffers; en 60
- (d) die gesondheidstatus van die bevolking gebaseer op die vereistes soos voorgeskryf kan word.

(6) The Chief Executive Officer must perform the functions of his or her office with diligence and as required by this Act and all other relevant law.

Relationship of Chief Executive Officer with Director-General and Office of Health Standards Compliance

21. (1) The Chief Executive Officer and the Board must meet with the Director-General of the Department and the Chief Executive Officer of the Office of Health Standards Compliance at least four times per year in order to exchange information necessary for him or her to carry out his or her responsibilities. 5

(2) Notwithstanding subsection (1) the Chief Executive Officer remains accountable to the Board. 10

Staff at executive management level

22. The Chief Executive Officer may not appoint or dismiss members of staff at executive management level without the prior written approval of the Board.

Chapter 6

COMMITTEES ESTABLISHED BY BOARD 15

Committees of Board

23. (1) The Board may establish a committee and, subject to such conditions as it may impose, delegate or assign any of its powers or duties to a committee so established.

(2) Each committee established in terms of subsection (1) must have at least one Board member appointed in term of section 13(1) as a member of that committee. 20

(3) Committees of the Board as established in subsection (1) must meet at least four times per year in order to report to the meeting of the full Board and may convene special meetings to discuss urgent matters when necessary.

(4) The Board may dissolve or reconstitute a committee on good cause shown.

(5) A member of a committee contemplated in subsection (1) must— 25

- (a) act in a way that is impartial and without fear, favour or prejudice;
- (b) not expose himself or herself to any situation in which the risk of a conflict between his or her official responsibilities and private interests may arise; or
- (c) not use his or her position or any information entrusted to him or her for self-enrichment or to improperly benefit any other person. 30

Technical committees

24. (1) (a) The Board may establish such number of technical committees as may be necessary to achieve the purpose of this Act.

(b) The provisions of section 29 apply to paragraph (a) with the changes required by the context. 35

(2) A committee established in terms of subsection (1)(a) must perform its functions impartially and without fear, favour or prejudice.

(3) A person appointed as a member of such a committee must—

- (a) be a fit and proper person;
- (b) have appropriate expertise or experience; and 40
- (c) have the ability to perform effectively as a member of that committee.

(4) A member of such a committee must not—

- (a) act in any way that is inconsistent with subsection (2) or expose himself or herself to any situation in which the risk of a conflict between his or her official responsibilities and private interests may arise; or 45
- (b) use his or her position, or any information entrusted to him or her, for self-enrichment or to improperly benefit any other person.

(6) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet die werksaamhede van sy of haar amp met ywer verrig en soos vereis deur hierdie Wet en alle ander tersaaklike reg.

Verhouding van Hoof- Uitvoerende Beampte met Direkteur-generaal en Kantoor vir Nakoming van Gesondheidstandaarde

21. (1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte en die Raad moet minstens vier keer per jaar met die Direkteur-generaal van die Departement en die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Kantoor vir Nakoming van Gesondheidstandaarde vergader om inligting uit te ruil wat hy of sy benodig om sy of haar verantwoordelikhede uit te voer. 5

(2) Ondanks subartikel (1) bly die Hoof- Uitvoerende Beampte aan die Raad aanspreeklik. 10

Personeel op uitvoerende bestuursvlak

22. Die Hoof- Uitvoerende Beampte mag nie personeellede op uitvoerende bestuursvlak aanstel of ontslaan sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Raad nie.

Hoofstuk 6

15

KOMITEES DEUR RAAD INGESTEL

Komitees van Raad

23. (1) Die Raad kan 'n komitee instel en, behoudens sodanige voorwaardes wat die Raad kan oplê, enige van die Raad se bevoegdhede of pligte aan die komitee wat aldus ingestel is, delegeer of toewys. 20

(2) Elke komitee wat ingevolge subartikel (1) ingestel is, moet ten minste een Raadslid wat ingevolge artikel 13(1) aangestel is, as lid van daardie komitee hê.

(3) Komitees van die Raad soos in subartikel (1) ingestel, moet ten minste vier keer per jaar vergader ten einde by die vergadering van die volle Raad verslag te doen en kan spesiale vergaderings saamroep om dringende aangeleenthede te bespreek wanneer nodig. 25

(4) Die Raad kan 'n komitee by die aanvoer van goeie gronde ontbind of hersaamstel.

(5) 'n Lid van 'n komitee in subartikel (1) beoog, moet—

- (a) op 'n wyse optree wat onpartydig en sonder vrees, guns of vooroordeel is;
- (b) homself of haarself nie blootstel aan enige situasie waarin die risiko van 'n konflik tussen sy of haar amptelike verantwoordelikhede en private belange kan ontstaan nie; of
- (c) nie sy of haar posisie of enige inligting wat aan hom of haar toevertrou is, gebruik vir selfverryking of om enige ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie. 30 35

Tegniese komitees

24. (1) (a) Die Raad kan die aantal tegniese komitees instel wat nodig mag wees om die doel van hierdie Wet te bereik.

(b) Die bepalings van artikel 29 is van toepassing op paragraaf (a) met die veranderinge wat deur die samehang vereis word. 40

(2) 'n Komitee ingestel ingevolge subartikel (1)(a) moet sy werksaamhede onpartydig en sonder vrees, guns of vooroordeel verrig.

(3) 'n Persoon wat as 'n lid van so 'n komitee aangestel is, moet—

- (a) 'n geskikte en gepaste persoon wees;
- (b) oor toepaslike kundigheid of ervaring beskik; en
- (c) oor die vermoë beskik om doeltreffend as 'n lid van daardie komitee te presteer. 45

(4) 'n Lid van so 'n komitee moet nie—

- (a) op enige wyse optree wat strydig is met subartikel (2) of homself of haarself blootstel aan enige situasie waarin die risiko van 'n konflik tussen sy of haar amptelike verantwoordelikhede en private belange kan ontstaan nie; of
- (b) sy of haar posisie, of enige inligting wat aan hom of haar toevertrou is, gebruik vir selfverryking of om enige ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie. 50

- (5) A member of a committee contemplated in subsection (1) must—
- (a) act in a way that is impartial and without fear, favour or prejudice;
 - (b) not expose himself or herself to any situation in which the risk of a conflict between his or her official responsibilities and private interests may arise; or
 - (c) not use his or her position or any information entrusted to him or her for self-enrichment or to improperly benefit any other person. 5

Chapter 7

ADVISORY COMMITTEES ESTABLISHED BY MINISTER

Benefits Advisory Committee

25. (1) The Minister must, after consultation with the Board and by notice in the *Gazette*, establish a committee to be known as the Benefits Advisory Committee as one of the advisory committees of the Fund. 10

(2) The membership of the Benefits Advisory Committee, appointed by the Minister, must consist of persons with technical expertise in medicine, public health, health economics, epidemiology and the rights of patients, and one member must represent the Minister. 15

(3) A person appointed in terms of subsection (2)—

- (a) serves for a term of not more than five years and may be reappointed for one more term only; and
- (b) ceases to be a member of the Committee when he or she resigns. 20

(4) A vacancy in the Benefits Advisory Committee must be filled by the appointment of a person for the unexpired portion of the term of office of the member in whose place the person is appointed, and in the same manner in which the member was appointed in terms of subsection (2).

(5) The Benefits Advisory Committee must determine and review— 25

- (a) the health care service benefits and types of services to be reimbursed at each level of care at primary health care facilities and at district, regional and tertiary hospitals;
- (b) detailed and cost-effective treatment guidelines that take into account the emergence of new technologies; and 30
- (c) in consultation with the Minister and the Board, the health service benefits provided by the Fund.

(6) The Minister must appoint the chairperson from amongst the members of the Committee.

(7) The Minister must, by notice in the *Gazette*, publish the guidelines contemplated in subsection (5)(b) and may prescribe additional functions to the Benefits Advisory Committee. 35

Health Care Benefits Pricing Committee

26. (1) The Minister must, after consultation with the Board and by notice in the *Gazette*, establish a Health Care Benefits Pricing Committee as one of the advisory committees of the Fund, consisting of not less than 16 and not more than 24 members. 40

(2) The Health Care Benefits Pricing Committee consists of persons with expertise in actuarial science, medicines, epidemiology, health management, health economics, health financing, labour and rights of patients, and one member must represent the Minister. 45

(3) The Committee must recommend the prices of health service benefits to the Fund.

(4) The Minister must appoint the chairperson from amongst the members of the Committee.

Stakeholder Advisory Committee

27. The Minister must, after consultation with the Board and by notice in the *Gazette*, appoint a Stakeholder Advisory Committee comprised of representatives from the statutory health professions councils, health public entities, organised labour, civil 50

- (5) 'n Lid van 'n komitee in subartikel (1) beoog, moet—
- (a) op 'n wyse optree wat onpartydig en sonder vrees, guns of vooroordeel is;
 - (b) homself of haarself nie blootstel aan enige situasie waarin die risiko van 'n botsing tussen sy of haar amptelike verantwoordelikhede en private belange kan ontstaan nie; of
 - (c) nie sy of haar posisie of enige inligting wat aan hom of haar toevertrou is, vir selfverryking of om enige ander persoon onbehoorlik te beoordeel, gebruik nie.

Hoofstuk 7

RAADGEWENDE KOMITEES DEUR MINISTER INGESTEL 10

Raadgewende Komitee oor Voordele

25. (1) Die Minister moet, na oorleg met die Raad en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n komitee wat as die Raadgewende Komitee oor Voordele bekend staan, as een van die advieskomitees van die Fonds instel.
- (2) Die lede van die Raadgewende Komitee oor Voordele, wat deur die Minister aangestel word, moet bestaan uit persone met tegniese kundigheid in geneeskunde, openbare gesondheid, gesondheidseconomie, epidemiologie en die regte van pasiënte, en een lid moet die Minister verteenwoordig. 15
- (3) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (2) aangestel is—
- (a) dien vir 'n termyn van nie meer as vyf jaar nie en kan vir slegs een termyn heraan gestel word; en 20
 - (b) hou op om 'n lid van die Komitee te wees wanneer hy of sy bedank.
- (4) 'n Vakature in die Raadgewende Komitee oor Voordele moet gevul word deur die aanstelling van 'n persoon vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek die persoon aangestel word, en op dieselfde wyse waarop die lid ingevolge subartikel (2) aangestel is. 25
- (5) Die Raadgewende Komitee oor Voordele moet bepaal en hersien—
- (a) die gesondheidsorgdiensvoordele en tipe dienste wat by elke vlak van sorg by primêre gesondheidsorgfasiliteite en by distriks-, streek- en tersiêre hospitale vergoed moet word; 30
 - (b) die gedetailleerde en koste-doeltreffende behandelingsriglyne wat rekening hou met die ontwikkeling van nuwe tegnologieë; en
 - (c) in oorleg met die Minister en die Raad, die gesondheidsdiensvoordele wat deur die Fonds verskaf word.
- (6) Die Minister moet die voorsitter uit die lede van die Komitee aanstel. 35
- (7) Die Minister moet die riglyne in subartikel (5)(b) beoog by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer en kan bykomende werksaamhede vir die Raadgewende Komitee oor Voordele toewys.

Pryskomitee oor Gesondheidsorgvoordele

26. (1) Die Minister moet, na oorleg met die Raad en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n Pryskomitee oor Gesondheidsorgvoordele instel as een van die raadgewende komitees van die Fonds, bestaande uit nie minder nie as 16 en nie meer as 24 lede nie. 40
- (2) Die Pryskomitee oor Gesondheidsorgvoordele bestaan uit persone met kundigheid in aktuariële wetenskap, medisynes, epidemiologie, gesondheidsbestuur, gesondheidseconomie, gesondheidsfinansiering, arbeid en regte van pasiënte, en een lid moet die Minister verteenwoordig. 45
- (3) Die Komitee moet die pryse van gesondheidsdiensvoordele by die Fonds aanbeveel.
- (4) Die Minister moet die voorsitter uit die lede van die Komitee aanwys. 50

Raadgewende Komitee vir Belanghebbendes

27. Die Minister moet, na oorleg met die Raad en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n Raadgewende Komitee vir Belanghebbendes aanstel wat bestaan uit verteenwoordigers van die statutêre gesondheidsberoepsrade, openbare gesondheidsentiteite, georganiseerde arbeid, burgerlike samelewingsorganisasies, verenigings van 55

society organisations, associations of health professionals and providers as well as patient advocacy groups in such a manner as may be prescribed.

Conduct and disclosure of interest

- 28.** (1) A person appointed as a member of a committee contemplated in this Chapter must— 5
- (a) be a fit and proper person;
 - (b) have appropriate expertise and experience; and
 - (c) have the ability to perform effectively as a member of that committee.
- (2) A member contemplated in subsection (1) must— 10
- (a) act in a way that is impartial and without fear, favour or prejudice;
 - (b) not expose himself or herself to any situation in which the risk of a conflict between his or her official responsibilities and private interests may arise; or
 - (c) not use his or her position or any information entrusted to him or her for self-enrichment or to improperly benefit any other person.
- (3) A member contemplated in subsection (1) who has a personal or financial interest in any matter in which such committee gives advice, must disclose that interest when that matter is discussed and be recused from the discussion. 15

Procedures and remuneration

- 29.** When establishing a committee under this Chapter, the Minister must determine by notice in the *Gazette*— 20
- (a) its composition, functions and working procedures;
 - (b) in consultation with the Minister of Finance, the terms, conditions, remuneration and allowances applicable to its members; and
 - (c) any incidental matter relating to the committee.

Vacation of office 25

- 30.** A member of a committee established in terms of this Act ceases to be a member if—
- (a) that person resigns from that committee;
 - (b) the Minister terminates that person's membership for adequate reason; or
 - (c) the term for which the member was appointed has expired and the membership has not been renewed. 30

Chapter 8

GENERAL PROVISIONS APPLICABLE TO OPERATION OF FUND

Role of Minister

- 31.** (1) Without derogating from any responsibilities and powers conferred on him or her by the Constitution, the National Health Act, this Act or any other applicable law, the Minister is responsible for— 35
- (a) governance and stewardship of the national health system; and
 - (b) governance and stewardship of the Fund in terms of the provisions of this Act.
- (2) The Minister must clearly delineate in appropriate legislation the respective roles and responsibilities of the Fund and the national and provincial Departments, taking into consideration the Constitution, this Act and the National Health Act, in order to prevent duplication of services and the wasting of resources and to ensure the equitable provision and financing of health services. 40

gesondheidswerkers en verskaffers sowel as pasiëntvoorspraakgroepe op so 'n wyse as wat voorgeskryf mag word.

Gedrag en openbaarmaking van belange

28. (1) 'n Persoon wat as 'n lid van 'n komitee beoog in hierdie Hoofstuk aangestel is, moet— 5
- (a) 'n geskikte en gepaste persoon wees;
 - (b) oor toepaslike kundigheid en ervaring beskik; en
 - (c) oor die vermoë beskik om doeltreffend as 'n lid van daardie komitee te presteer.
- (2) 'n Lid beoog in subartikel (1) moet— 10
- (a) op 'n wyse optree wat onpartydig en sonder vrees, guns of vooroordeel is;
 - (b) hom- of haarself nie blootstel aan enige situasie waarin die risiko van 'n konflik tussen sy of haar amptelike verantwoordelikhede en private belange kan ontstaan nie; of
 - (c) nie sy of haar posisie of enige inligting wat aan hom of haar toevertrou is, gebruik vir selfverryking of om enige ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie. 15
- (3) 'n Lid beoog in subartikel (1) wat 'n persoonlike of finansiële belang het in enige aangeleentheid waarvoor sodanige komitee raad gee, moet daardie belang bekend maak wanneer daardie saak bespreek word en van die bespreking onttrek word. 20

Prosedures en vergoeding

29. By die instelling van 'n komitee ingevolge hierdie Hoofstuk, moet die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* die volgende bepaal:
- (a) Die samestelling, werksaamhede en werksprosedures van die komitee;
 - (b) in oorleg met die Minister van Finansies, die terme, voorwaardes, vergoeding 25 en toelaes wat op die komitee se lede van toepassing is; en
 - (c) enige insidentele aangeleentheid wat met die komitee verband hou.

Ontruiming van amp

30. 'n Lid van 'n komitee wat ingevolge hierdie Wet ingestel is, hou op om 'n lid te wees indien— 30
- (a) daardie persoon uit daardie komitee bedank;
 - (b) die Minister daardie persoon se lidmaatskap om voldoende rede beëindig; of
 - (c) die termyn waarvoor die lid aangestel is, verstryk het en die lidmaatskap nie hernu is nie.

Hoofstuk 8 35

ALGEMENE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP BEDRYF VAN FONDS

Rol van Minister

31. (1) Sonder om afbreuk te doen aan enige verantwoordelikhede en bevoegdhede wat deur die Grondwet, die "National Health Act", hierdie Wet of enige ander toepaslike wetsbepaling aan hom of haar verleen word, is die Minister verantwoordelik vir— 40
- (a) beheer en rentmeesterskap van die nasionale gesondheidstelsel; en
 - (b) beheer en rentmeesterskap van die Fonds ingevolge die bepalings van hierdie Wet.
- (2) Die Minister moet in toepaslike wetgewing die onderskeie rolle en verantwoordelikhede van die Fonds en die nasionale en provinsiale departemente duidelik omskryf, met inagneming van die Grondwet, hierdie Wet en die "National Health Act", ten einde duplisering van dienste en die vermorsing van hulpbronne te voorkom en om die gelyke voorsiening en finansiering van gesondheidsdienste te verseker. 50

Role of Department

32. (1) The functions of the Department are outlined in the National Health Act and the Constitution, and include—

- (a) issuing and promoting guidelines for norms and standards related to health matters; 5
- (b) implementing human resources planning, development, production and management;
- (c) co-ordinating health care services rendered by the Department with the health care services rendered by provinces, districts and municipalities, as well as providing such additional health services as may be necessary to establish an integrated and comprehensive national health system; 10
- (d) planning the development of public and private hospitals, other health establishments and health agencies as contemplated in section 36 of the National Health Act; and
- (e) integrating the annual health plans of the Department and the provincial and district health departments and submitting the integrated health plans to the National Health Council. 15

(2) Subject to the transitional provisions provided for in section 57, the Minister may introduce in Parliament proposed amendments to the National Health Act for the purpose of centralising the funding of health care services as required by this Act, and in such cases the Minister may— 20

- (a) delegate to provinces as management agents, for the purposes of provision of health care services, and in those cases the Fund must contract with sections within the province such as provincial tertiary, regional and emergency medical services; 25
- (b) designate provincial tertiary and regional hospitals or groups of hospitals as autonomous legal entities accountable to the Minister through regulation; and
- (c) establish District Health Management Offices as government components to manage personal and non-personal health care services.

(3) Without derogating from the Constitution or any other law, the functions of a provincial Department must be amended to comply with the purpose and provisions of this Act, subject to the provisions of section 57. 30

Role of medical schemes

33. Once National Health Insurance has been fully implemented as determined by the Minister through regulations in the *Gazette*, medical schemes may only offer complementary cover to services not reimbursable by the Fund. 35

National Health Information System

34. (1) The Fund must contribute to the development and maintenance of the national health information system as contemplated in section 74 of the National Health Act through the Information Platform established in terms of section 40. 40

(2) Subject to the provisions of the National Archives and Record Services of South Africa, 1996 (Act No. 43 of 1996), the Protection of Personal Information Act, 2013 (Act No. 4 of 2013), and the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No. 2 of 2000), data must be accurate and accessible to the Department and the Fund, or to any other stakeholder legally entitled to such information. 45

(3) Health workers, health care service providers and persons in charge of health establishments must comply with the provisions in the National Health Act relating to access to health records and the protection of health records.

Purchasing of health care services

35. (1) The Fund must actively and strategically purchase health care services on behalf of users in accordance with need. 50

(2) The Fund must reimburse payment directly to accredited and contracted central, provincial, regional, specialised and district hospitals based on a global budget or Diagnosis Related Groups.

Rol van Departement

- 32.** (1) Die werksaamhede van die Departement word in die “National Health Act” en die Grondwet uiteengesit, en sluit in—
- (a) die uitreiking en bevordering van riglyne vir norme en standaarde wat met gesondheidsaangeleenthede verband hou; 5
 - (b) die inwerkingstelling van menslikehulpbronbeplanning, -ontwikkeling, -produksie en -bestuur;
 - (c) die koördinerings van gesondheidsorgdienste deur die Departement gelewer met die gesondheidsorgdienste wat deur provinsies, distrikte en munisipaliteite gelewer word, asook om sodanige bykomende gesondheidsdienste te lewer wat nodig mag wees om ’n geïntegreerde en omvattende nasionale gesondheidstelsel in te stel; 10
 - (d) die beplanning van die ontwikkeling van openbare en private hospitale, ander gesondheidsinstellings en gesondheidsagentskappe, soos in artikel 36 van die “National Health Act” beoog; en 15
 - (e) die integrasie van die jaarlikse gesondheidsplanne van die Departement en die provinsiale en distriksgesondheidsdepartemente wat die geïntegreerde gesondheidsplanne aan die Nasionale Gesondheidsraad voorlê.
- (2) Behoudens die oorgangsmatreëls waarvoor in artikel 57 voorsiening gemaak word, kan die Minister wysigings van die “National Health Act” by die Parlement indien met die doel om die finansiering van gesondheidsorgdienste soos deur hierdie Wet vereis, te sentraliseer, en in sulke gevalle kan die Minister—
- (a) aan provinsies as bestuursagente delegeer, vir die doel van die voorsiening van gesondheidsorgdienste, en in daardie gevalle moet die Fonds kontrakteer met afdelings binne die provinsie soos provinsiale tersiêre, streeks- en mediese nooddienste; 25
 - (b) provinsiale tersiêre en streekshospitale of groepe hospitale aanwys as outonome regsentiteite wat deur regulering aan die Minister aanspreeklik is; en
 - (c) Distrikskantore vir Gesondheidsbestuur as regeringskomponente instel om persoonlike en niepersoonlike gesondheidsorgdienste te bestuur. 30
- (3) Sonder om afbreuk te doen aan die Grondwet of enige ander wet, moet die werksaamhede van ’n provinsiale Departement gewysig word om te voldoen aan die doel en bepalings van hierdie Wet, behoudens die bepalings van artikel 57.

Rol van mediese skemas 35

33. Sodra Nasionale Gesondheidsversekering ten volle geïmplementeer is soos deur die Minister bepaal deur regulasies in die *Staatskoerant*, kan mediese skemas slegs aanvullende dekking bied vir dienste wat nie deur die Fonds terugbetaalbaar is nie.

Nasionale gesondheidsinligtingstelsel

- 34.** (1) Die Fonds moet bydra tot die ontwikkeling en onderhoud van die nasionale gesondheidsinligtingstelsel soos in artikel 74 van die “National Health Act” beoog deur die Inligtingsplatform wat ingevolge artikel 40 ingestel is. 40
- (2) Behoudens die bepalings van die Wet op die Nasionale Argief en Rekordsdiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996), die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013), en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), moet data akkuraat wees en toeganklik vir die Departement en die Fonds wees, of vir enige ander belanghebbende wat regtens op sodanige inligting geregtig is. 45
- (3) Gesondheidswerkers, gesondheidsorgdiensverskaffers en persone in beheer van gesondheidsinstellings moet aan die bepalings in die “National Health Act” betreffende toegang tot gesondheidsrekords en die beskerming van gesondheidsrekords voldoen. 50

Aankoop van gesondheidsorgdienste

- 35.** (1) Die Fonds moet aktief en strategies ooreenkomstig behoefte gesondheidsorgdienste ten behoeve van gebruikers aankoop.
- (2) Die Fonds moet terugbetaling direk aan die geakkrediteerde en gekontrakteerde sentrale, provinsiale, streeks-, gespesialiseerde en distrikshospitale maak op grond van ’n globale begroting of Diagnoseverwante Groepe. 55

(3) Funds for primary health care services must be reimbursed directly to accredited and contracted primary health care service providers and health establishments at the sub-district level as outlined in section 37.

(4) (a) Facility-based emergency medical services provided by accredited and contracted public and private health care service providers must be reimbursed on a capped case-based fee basis with adjustments made for case severity, where necessary. 5

(b) Mobile emergency medical services provided by accredited and contracted private health care service providers must be reimbursed on a capped case-based fee basis with adjustments made for case severity, where necessary.

(c) Public ambulance services must be reimbursed through the provincial equitable allocation. 10

Role of District Health Management Office

36. A District Health Management Office established as a national government component in terms of section 31A of the National Health Act must manage, facilitate, support and coordinate the provision of primary health care services for personal health care services and non-personal health services at district level in compliance with national policy guidelines and relevant law. 15

Contracting Unit for Primary Health Care

37. (1) A Contracting Unit for Primary Health Care is hereby established.

(2) A Contracting Unit for Primary Health Care must be comprised of a district hospital, clinics or community health centres and ward-based outreach teams and private providers organised in horizontal networks within a specified geographical sub-district area, and must, amongst others, assist the Fund to—

(a) identify health care service needs in terms of the demographic and epidemiological profile of a particular sub-district; 25

(b) identify accredited public and private health care service providers at primary care facilities;

(c) manage contracts entered into with accredited health care service providers, health establishments and suppliers in the relevant sub-district in the prescribed manner and subject to the prescribed conditions; 30

(d) monitor the disbursement of funds to health care service providers, health establishments and suppliers within the sub-district;

(e) access information on the disease profile in a particular sub-district that would inform the design of the health care service benefits for that sub-district;

(f) improve access to health care services in a particular sub-district at appropriate levels of care at health care facilities and in the community; 35

(g) ensure that the user referral system is functional, including the transportation of users between the different levels of care and between accredited public and private health care service providers and health establishments, if necessary;

(h) facilitate the integration of public and private health care services within the sub-district; and 40

(i) resolve complaints from users in the sub-district in relation to the delivery of health care services.

Health Products Procurement Unit

38. (1) The Board, after consultation with the Minister, must establish a Health Products Procurement unit which sets parameters for the public procurement of health related products. 45

(2) The Health Products Procurement unit must be located within the Fund and is responsible for the centralised facilitation and coordination of functions related to the public procurement of health related products, including but not limited to medicines, medical devices and equipment. 50

(3) Fondse vir primêre gesondheidsorgdienste moet direk terugbetaal word aan geakkrediteerde en gekontrakteerde primêre gesondheidsorgdienste en gesondheidsinstellings op die subdistriksvlak soos in artikel 37 uiteengesit.

(4) (a) Fasiliteitsgebaseerde mediese nooddienste wat deur geakkrediteerde en gekontrakteerde openbare en private gesondheidsorgdiensverskaffers verskaf word, moet op 'n beperkte gevalgebaseerde fooi-basis vergoed word met aanpassings wat volgens die erns van die geval gemaak word, waar nodig. 5

(b) Mobiele mediese nooddienste wat deur geakkrediteerde en gekontrakteerde private gesondheidsorgdiensverskaffers verskaf word, moet op 'n beperkte gevalgebaseerde fooi-basis vergoed word met aanpassings vir die erns van die geval, waar nodig. 10

(c) Openbare ambulansdienste moet deur die provinsiale gelyke toekenning vergoed word.

Rol van Distrikskantoor vir Gesondheidsbestuur

36. 'n Distrikskantoor vir Gesondheidsbestuur wat ingevolge artikel 31A van die "National Health Act" as 'n nasionale regeringskomponent ingestel is, moet die verskaffing van primêre gesondheidsorgdienste vir persoonlike gesondheidsorgdienste en nie-persoonlike gesondheidsdienste op distriksvlak bestuur, vergemaklik, ondersteun en koördineer in ooreenstemming met nasionale beleidsriglyne en tersaaklike reg. 15

Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorg

37. (1) 'n Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorg word hierby ingestel. 20

(2) 'n Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorg moet bestaan uit 'n distriks hospitaal, klinieke of gemeenskapsgesondheidsentrums en saalgebaseerde uitreikspanne en private verskaffers wat in horisontale netwerke binne 'n gespesifiseerde geografiese subdistriksgebied georganiseer is, en moet onder meer die Fonds bystaan om— 25

- (a) gesondheidsorgdiensbehoefte ingevolge die demografiese en epidemiologiese profiel van 'n bepaalde subdistrik te identifiseer;
- (b) geakkrediteerde openbare en private gesondheidsorgdiensverskaffers by primêre versorgingsfasiliteite te identifiseer;
- (c) kontrakte wat met geakkrediteerde gesondheidsorgdiensverskaffers, gesondheidsinstellings en verskaffers in die betrokke subdistrik aangegaan is, op die voorgeskrewe wyse en onderhewig aan die voorgeskrewe voorwaardes bestuur; 30
- (d) die uitbetaling van fondse aan gesondheidsorgdiensverskaffers, gesondheidsinstellings en verskaffers binne die subdistrik te monitor; 35
- (e) toegang te verkry tot inligting oor die siekteprofiel in 'n bepaalde subdistrik wat die ontwerp van die gesondheidsorgdiensvoordele vir daardie subdistrik sal rig;
- (f) toegang tot gesondheidsorgdienste in 'n bepaalde subdistrik op toepaslike vlakke van sorg by gesondheidsorgfasiliteite en in die gemeenskap te verbeter; 40
- (g) te verseker dat die gebruikersverwysingstelsel funksioneel is, met inbegrip van die vervoer van gebruikers tussen die verskillende vlakke van sorg en tussen geakkrediteerde openbare en private gesondheidsorgdiensverskaffers en gesondheidsinstellings, indien nodig; 45
- (h) die integrasie van openbare en private gesondheidsorgdienste binne die subdistrik te vergemaklik; en
- (i) klagtes van gebruikers in die subdistrik met betrekking tot die lewering van gesondheidsorgdienste op te los.

Verkrygingseenheid vir Gesondheidsprodukte 50

38. (1) Die Raad moet, na oorleg met die Minister, 'n Verkrygingseenheid vir Gesondheidsprodukte instel wat parameters vir die openbare verkryging van gesondheidsverwante produkte stel.

(2) Die Verkrygingseenheid vir Gesondheidsprodukte moet binne die Fonds geleë wees en is verantwoordelik vir die gesentraliseerde vergemakliking en koördinerende funksies wat verband hou met die openbare verkryging van gesondheidsverwante produkte, insluitend maar nie beperk tot medisyne, mediese toestelle en toerusting nie. 55

- (3) The Health Products Procurement Unit must—
- (a) determine the selection of health related products to be procured;
 - (b) develop a national health products list; 5
 - (c) coordinate the supply chain management process and price negotiations for health related products contained in the list mentioned in paragraph (b);
 - (d) facilitate the cost effective, equitable and appropriate public procurement of health related products on behalf of users; 10
 - (e) support the processes of ordering and distribution of health related products nationally, and at the district level with the assistance of the District Health Management Office;
 - (f) support the District Health Management Office in concluding and managing contracts with suppliers and vendors;
 - (g) establish mechanisms to monitor and evaluate the risks inherent in the public procurement process; 15
 - (h) facilitate the procurement of high cost devices and equipment; and
 - (i) advise the Board on any matter pertinent to the procurement of health related products.
- (4) The Health Products Procurement Unit must support the Benefits Advisory Committee in the development and maintenance of the Formulary, comprised of the Essential Medicine List and Essential Equipment List as well as a list of health related products used in the delivery of health care services as approved by the Minister in consultation with the National Health Council and the Fund. 20
- (5) The Health Products Procurement unit must support the review of the Formulary annually, or more regularly if required, to take into account changes in the burden of disease, product availability, price changes and disease management for approval by the Minister. 25
- (c) alle lenings, oortrekkings, voorskotte en finansiële verpligtinge van die Fonds;
- (d) die besonderhede van alle skenkings en bemakings wat deur die Fonds ontvang is;
- (e) 'n aktuariële waardasieverlag;
- (f) besonderhede van die gebruik van alle onroerende en roerende eiendom wat deur die Fonds verkry is;
- (g) enige bedrag wat deur die Fonds afgeskryf is; en
- (h) enige ander aangeleentheid deur die Minister bepaal.
- (4) Die Minister moet sonder versuim—
- (a) 'n afskrif van die verslag in die Nasionale Vergadering ter tafel lê; en
- (b) 'n afskrif van die verslag aan die Nasionale Raad van Provinsies voorlê.

Hoofstuk 11

DIVERSE

Toewysing van pligte en delegering van bevoegdhede 25

52. Onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur—
- (a) kan die Minister enige plig opdra en enige bevoegdheid wat deur hierdie Wet aan hom of haar opgelê of verleen word, behalwe die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, aan enige persoon in diens van die Fonds deleger; en
- (b) kan die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Fonds enige plig opdra en enige bevoegdheid wat deur hierdie Wet aan hom of haar opgelê of verleen word, aan enige werknemer van die Fonds deleger.

Beskerming van vertroulike inligting

53. Niks in hierdie Wet raak die bepalings in enige ander wetgewing of wetsbepaling wat die openbaarmaking van persoonlike of ander sensitiewe inligting wat toeganklik is tot of in die besit van die Fonds is, verbied of reguleer nie.

Oortredings en strawwe

54. (1) Enige persoon wat—
- (a) wetens vals inligting aan die Fonds of die Fonds se agente voorlê;
- (b) 'n vals voorstelling maak met die doel om gesondheidsorgdiensvoordele van die Fonds te verkry waarop hy of sy nie geregtig is nie;
- (c) geld wat uit die Fonds betaal is, gebruik vir 'n ander doel as dié waarvoor dit betaal word;
- (d) onder valse voorwendsels geld of ander beloning van die Fonds verkry; of
- (e) vertroulike inligting wat deur die Fonds besit word aan 'n derde party verkoop of openbaar maak sonder die voorafkennis en skriftelike toestemming van die Fonds,
- is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding in 'n geregshof strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 000.00 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.
- (2) Enige natuurlike of regs persoon wat versuim om die Fonds of 'n agent van die Fonds te voorsien van inligting wat vereis word deur hierdie Wet of enige opdrag uitgereik kragtens hierdie Wet binne die voorgeskrewe of gespesifiseerde tydperk of enige verlenging daarvan, ongeag enige strafregtelike verrigtinge

(3) Any penalty imposed under subsection (2) is a debt due to the Fund.

Regulations

55. (1) Without derogating from the powers conferred on the Minister by the Constitution and the National Health Act or any other applicable law, the Minister may, after consultation with the Fund and the National Health Council contemplated in section 22 of the National Health Act, make regulations regarding—

- (a) the legal relationship between the Fund and the various categories of health establishments, health care service providers or suppliers as provided for in the National Health Act;
- (b) payment mechanisms to be employed by the Fund in order to procure health care services from accredited and contracted health care service providers, health establishments or suppliers;
- (c) the budget of the Fund, including the processes to be followed in drawing up the budget, in compliance with the provisions of the Public Finance Management Act;
- (d) information to be provided to the Fund for the development and maintenance of the national health information system by users, health establishments, health care service providers or suppliers and the format in which such information must be provided;
- (e) clinical information and diagnostic and procedure codes to be submitted and used by health care service providers, health establishments or suppliers for reimbursement and reporting purposes to the Fund;
- (f) participation by the fund in the national health information system contemplated in section 74 of the National Health Act, including the Health Patient Registration System referred to in section 39;
- (g) the registration of users of the Fund in terms of section 5;
- (h) the accreditation and conditional accreditation of health care service providers, health establishments or suppliers;
- (i) the functions and powers of a District Health Management Office;
- (j) the functions and powers of a Contracting Unit for Primary Health Care Services;
- (k) the relationship between the Fund and the Office of Health Standards Compliance;
- (l) the relationship between the Fund and the Department of Correctional Services in order to clarify the mechanisms for purchasing, within available resources, quality needed personal health care services for inmates as is required by the Correctional Services Act, 1998 (Act No. 111 of 1998);
- (m) the relationship between public and private health establishments, and the optional contracting in of private health care service providers;
- (n) the relationship between the Fund and medical schemes registered in terms of the Medical Schemes Act and other private health insurance schemes;
- (o) the development and maintenance of the Formulary;
- (p) investigations to be conducted by the Fund or complaints against the Fund in order to give effect to the provisions of Chapter 8;
- (q) appeals against decisions of the Fund in order to give effect to the provisions of Chapter 8;
- (r) the manner in which health care service providers, health establishments and suppliers must report to the Fund in respect of health care services purchased by the Fund and the content of such reports;
- (s) the monitoring and evaluation of the performance of the Fund;
- (t) all fees payable by or to the Fund;
- (u) subject to the Public Finance Management Act, the manner in which money within the Fund must be invested;

kragtens hierdie Wet ingestel is, moet 'n voorgeskrewe boete betaal vir elke dag wat die versuim voortduur, tensy die Fonds, met gegronde redes, afstand doen van die boete of enige deel daarvan.

(3) Enige boete wat kragtens subartikel (2) opgelê word, is 'n skuld verskuldig aan die Fonds.

5

Regulasies

55. (1) Sonder om afbreuk te doen aan die bevoegdhede wat deur die Grondwet en die “National Health Act” of enige ander toepaslike wetsbepaling aan die Minister verleen word, kan die Minister, na oorleg met die Fonds en die Nasionale Gesondheidsraad beoog in artikel 22 van die “National Health Act”, regulasies uitvaardig met betrekking tot—

10

- (a) die regsverhouding tussen die Fonds en die verskillende kategorieë van gesondheidsinstellings, gesondheidsorgdiensverskaffers of verskaffers soos in die “National Health Act” voor voorsiening gemaak;
- (b) betalingsmeganismes wat deur die Fonds aangewend moet word om gesondheidsorgdienste van geakkrediteerde en gekontrakteerde gesondheidsorgdiensverskaffers, gesondheidsinstellings of verskaffers te verkry;
- (c) die begroting van die Fonds, met inbegrip van die prosesse wat gevolg moet word in die opstel van die begroting, in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;
- (d) inligting wat aan die Fonds verskaf moet word vir die ontwikkeling en instandhouding van die nasionale gesondheidsinligtingstelsel deur gebruikers, gesondheidsinstellings, gesondheidsorgdiensverskaffers of verskaffers en die formaat waarin sodanige inligting verskaf moet word;
- (e) kliniese inligting en diagnostiese en prosedurekodes wat deur gesondheidsorgdiensverskaffers, gesondheidsinstellings of verskaffers ingedien en gebruik moet word vir terugbetaling en verslagdoeningsdoeleindes aan die Fonds;
- (f) deelname deur die Fonds aan die nasionale gesondheidsinligtingstelsel beoog in artikel 74 van die “National Health Act”, insluitend die Registrasiestelsel vir Gesondheidspasiënte in artikel 39 bedoel;
- (g) die registrasie van gebruikers van die Fonds ingevolge artikel 5;
- (h) die akkreditasie en voorwaardelike akkreditasie van gesondheidsorgdiensverskaffers, gesondheidsinstellings of verskaffers;
- (i) die funksies en bevoegdhede van 'n Distrikskantoor vir Gesondheidsbestuur;
- (j) die funksies en bevoegdhede van 'n Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorgdienste;
- (k) die verhouding tussen die Fonds en die Kantoor vir die Nakoming van Gesondheidsstandaarde;
- (l) die verhouding tussen die Fonds en die Departement van Korrektiewe Dienste ten einde die meganismes duidelik te maak vir die aankoop, binne beskikbare hulpbronne, van persoonlike gesondheidsorgdienste van gehalte vir gevangenes soos deur die Wet op Korrektiewe Dienste, 1998 (Wet No. 111 van 1998), vereis word;
- (m) die verhouding tussen openbare en private gesondheidsinstellings, en die opsionele inkontraktering van private gesondheidsorgdiensverskaffers;
- (n) die verhouding tussen die Fonds en mediese skemas wat ingevolge die Wet op Mediese Skemas geregistreer is en ander private gesondheidsversekeringskemas;
- (o) die ontwikkeling en instandhouding van die Formularium;
- (p) ondersoeke wat deur die Fonds gedoen moet word of klagtes teen die Fonds ten einde uitvoering te gee aan die bepalings van Hoofstuk 8;
- (q) appèlle teen besluite van die Fonds ten einde uitvoering te gee aan die bepalings van Hoofstuk 8;
- (r) die wyse waarop gesondheidsorgdiensverskaffers, gesondheidsinstellings en verskaffers aan die Fonds moet verslag doen oor gesondheidsorgdienste wat deur die Fonds aangekoop is en die inhoud van sodanige verslae;
- (s) die monitering en evaluering van die prestasie van die Fonds;
- (t) alle gelde betaalbaar deur of aan die Fonds;
- (u) behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, die wyse waarop geld binne die Fonds belê moet word;

60

- (v) all practices and procedures to be followed by a health care service provider, health establishment or supplier in relation to the Fund;
 - (w) the scope and nature of prescribed health care services and programmes and the manner in, and extent to which, they must be funded;
 - (x) the proceedings of the meetings of committees appointed in terms of this Act and a code of conduct for members of those committees; 5
 - (y) the proceedings and other related matters of the Appeal Tribunal;
 - (z) any matter that may or must be prescribed in terms of this Act; and
 - (zA) any ancillary or incidental administrative or procedural matter that may be necessary for the proper implementation or administration of this Act. 10
- (2) The Minister must, not less than three months before any regulation is made under subsection (1), cause a copy of the proposed regulation to be published in the *Gazette* together with a notice declaring his or her intention to make that regulation and inviting interested persons to furnish him or her with their comments thereon or any representations they may wish to make in regard thereto. 15
- (3) The provisions of subsection (2) do not apply in respect of—
- (a) any regulation made by the Minister which, after the provisions of that subsection have been complied with, has been amended by the Minister in consequence of comments or representations received by him or her in pursuance of a notice issued thereunder; or 20
 - (b) any regulation which the Minister, after consultation with the Board, deems in the public interest to publish without delay.

Directives

- 56.** (1) The Fund may issue directives which must be complied with in the implementation and administration of this Act, and any directives so issued must be published in the *Gazette*. 25
- (2) Any directive issued under this section may be amended or withdrawn in like manner.

Transitional arrangements

- 57.** (1) (a) Despite anything to the contrary in this Act, this Act must be implemented over two phases. 30
- (b) National Health Insurance must be gradually phased in using a progressive and programmatic approach based on financial resource availability.
- (2) The two phases contemplated in subsection (1)(a) are as follows:
- (a) Phase 1, for a period of four years from 2023 to 2026 which must— 35
 - (i) continue with the implementation of health system strengthening initiatives, including alignment of human resources with that which may be required by users of the Fund;
 - (ii) include the development of National Health Insurance legislation and amendments to other legislation; 40
 - (iii) include the undertaking of initiatives which are aimed at establishing institutions that must be the foundation for a fully functional Fund; and
 - (iv) include the purchasing of personal health care services for vulnerable groups such as children, women, people with disabilities and the elderly; and 45
 - (v) prepare for the establishment of the Fund as a Schedule 3A entity contemplated in section 9, including developing and implementing administrative and personnel related arrangements.

- (v) alle praktyke en prosedures wat gevolg moet word deur 'n gesondheidsorgdiensverskaffer, gesondheidsinstelling of verskaffer met betrekking tot die Fonds;
 - (w) die omvang en aard van voorgeskrewe gesondheidsorgdienste en -programme en die wyse waarop en mate waarin hulle gefinansier moet word; 5
 - (x) die verrigtinge van die vergaderings van komitees wat ingevolge hierdie Wet aangestel is en 'n gedragskode vir lede van daardie komitees;
 - (y) die verrigtinge en ander verwante aangeleenthede van die Appèltribunaal;
 - (z) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf mag of moet word; en 10
 - (zA) enige bykomende of toevallige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig mag wees vir die behoorlike inwerkingstelling of administrasie van hierdie Wet.
- (2) Die Minister moet, nie minder nie as drie maande voor enige regulasie kragtens subartikel (1) uitgevaardig word, 'n afskrif van die voorgestelde regulasie in die *Staatskoerant* laat publiseer tesame met 'n kennisgewing wat sy of haar voorneme verklaar om daardie regulasie uit te vaardig en 'n beroep op belangstellendes doen om hulle kommentaar daarop of enige vertoë wat hulle in verband daarmee wil rig aan hom of haar te verskaf. 15
- (3) Die bepalings van subartikel (2) is nie van toepassing nie ten opsigte van— 20
- (a) enige regulasie deur die Minister uitgevaardig wat, nadat die bepalings van daardie subartikel nagekom is, deur die Minister gewysig is as gevolg van kommentaar of vertoë wat deur hom of haar ontvang is ingevolge 'n kennisgewing daarkragtens uitgereik; of
 - (b) enige regulasie wat die Minister, na oorleg met die Raad, meen dit sal in die openbare belang wees indien dit sonder versuim gepubliseer word. 25

Voorskrifte

- 56.** (1) Die Fonds kan voorskrifte uitreik waaraan voldoen moet word in die inwerkingstelling en administrasie van hierdie Wet, en enige voorskrifte wat aldus uitgereik word, moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word. 30
- (2) Enige opdrag wat kragtens hierdie artikel uitgereik is, kan op soortgelyke wyse gewysig of teruggetrek word.

Oorgangsmatreëls

- 57.** (1) (a) Ondanks enigiets tot die teendeel in hierdie Wet, moet hierdie Wet oor twee fases in werking gestel word. 35
- (b) Nasionale Gesondheidsversekering moet geleidelik ingefaseer word met 'n progressiewe en programmatiese benadering gebaseer op die beskikbaarheid van hulpbronne.
- (2) Die twee fases in subartikel (1)(a) beoog, is soos volg: 40
- (a) Fase 1, vir 'n tydperk van vier jaar vanaf 2023 tot 2026 wat— 40
 - (i) moet voortgaan met die inwerkingstelling van inisiatiewe ter versterking van die gesondheidstelsel, met inbegrip daarvan om mensehulpbronne in ooreenstemming te bring met dit wat gebruikers van die Fonds kan benodig;
 - (ii) die ontwikkeling van wetgewing oor nasionale gesondheidsversekering en wysigings aan ander wetgewing moet insluit; 45
 - (iii) die voer van inisiatiewe moet insluit wat gemik is op die stigting van instellings wat die fondasie vir 'n ten volle funksionerende Fonds moet wees; en
 - (iv) die aankoop van persoonlike gesondheidsorgdienste vir kwesbare groepe soos kinders, vroue, mense met gestremdhede en bejaardes moet insluit; en 50
 - (v) vir die instelling van die Fonds as 'n Bylae 3A-entiteit beoog in artikel 9 moet voorberei, met inbegrip van die ontwikkeling en inwerkingstelling van reëlins met betrekking tot administrasie en personeel. 55

- (b) Phase 2 must be for a period of three years from 2026 to 2028 and must include—
- (i) the continuation of health system strengthening initiatives on an on-going basis;
 - (ii) the mobilisation of additional resources where necessary; and 5
 - (iii) the selective contracting of health care services from private providers.
- (3) In Phase 1 the Minister may establish the following interim committees to advise him or her on the implementation of the National Health Insurance:
- (a) The National Tertiary Health Services Committee which must be responsible for developing the framework governing the tertiary services platform in South Africa. 10
 - (b) The National Governing Body on Training and Development which must, amongst others—
 - (i) be responsible for advising the Minister on the vision for health workforce matters, for recommending policy related to health sciences, student education and training, including a human resource for health development plan; 15
 - (ii) be responsible for the determination of the number and placement of (including but not limited to) all categories of interns, community service and registrars; 20
 - (iii) oversee and monitor the implementation of the policy and evaluate its impact; and
 - (iv) coordinate and align strategy, policy and financing of health sciences education.
 - (c) The Ministerial Advisory Committee on Health Care Benefits for National Health Insurance, which must be a precursor to the Benefits Advisory Committee and which must advise the Minister on a process of priority-setting to inform the decision-making processes of the Fund to determine the benefits to be covered. 25
 - (d) The Ministerial Advisory Committee on Health Technology Assessment for National Health Insurance, which must be established to advise the Minister on Health Technology Assessment and which must serve as a precursor to the Health Technology Assessment agency that must regularly review the range of health interventions and technology by using the best available evidence on cost-effectiveness, allocative, productive and technical efficiency and Health Technology Assessment. 30 35
- (4) Objectives that must be achieved in Phase 1 include—
- (a) the migration of central hospitals that are funded, governed and managed nationally as semi-autonomous entities;
 - (b) the structuring of the Contracting Unit for Primary Health Care at district level in a cooperative management arrangement with the district hospital linked to a number of primary health care facilities; 40
 - (c) the establishment of the Fund, including the establishment of governance structures;
 - (d) the development of a Health Patient Registration System contemplated in section 5; 45
 - (e) the process for the accreditation of health care service providers, which must require that health establishments are inspected and certified by the Office of Health Standards Compliance, health professionals are licensed by their respective statutory bodies and health care service providers comply with criteria for accreditation; 50
 - (f) the purchasing of health care service benefits, which include personal health services such as primary health care services, maternity and child health care services including school health services, health care services for the aged, people with disabilities and rural communities from contracted public and private providers including general practitioners, audiologists, oral health practitioners, optometrists, speech therapists and other designated providers at a primary health care level focusing on disease prevention, health promotion, provision of primary health care services and addressing critical backlogs; 55

- (b) Fase 2 moet vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 2026 tot 2028 wees en moet die volgende insluit:
- (i) Die voortsetting van inisiatiewe te versterking van die gesondheidstelsel op 'n voortgesette grondslag;
 - (ii) die mobilisasie van bykomende hulpbronne waar nodig; en 5
 - (iii) die selektiewe kontraktering van gesondheidsorgdienste van private verskaffers.
- (3) In Fase 1 kan die Minister die volgende tussentydse komitees instel om hom of haar van raad te bedien oor die inwerkingstelling van die Nasionale Gesondheidsversekering:
- (a) Die Nasionale Tersiëre Gesondheidsdienstekomitee wat verantwoordelik moet wees vir die ontwikkeling van die raamwerk wat die tersiëre diensteplatform in Suid-Afrika beheer. 10
 - (b) Die Nasionale Beheerliggaam oor Opleiding en Ontwikkeling wat, onder andere— 15
 - (i) verantwoordelik moet wees daarvoor om die Minister van raad te bedien oor die visie vir gesondheidswerksmag-aangeleenthede, om beleid oor gesondheidswetenskappe, studente-onderrig en -opleiding, met inbegrip van 'n ontwikkelingsplan vir menslike hulpbronne vir gesondheid, aan te beveel; 20
 - (ii) verantwoordelik moet wees vir die vasstelling van die getal en plasing van (insluitend maar nie beperk nie tot) alle kategorieë van interns, gemeenskapsdienswerkers en registrateurs;
 - (iii) oor die inwerkingstelling van die beleid moet toesig hou, dit monitor en die impak daarvan evalueer; en 25
 - (iv) strategie, beleid en finansiering van gesondheidswetenskappe-onderwys moet koördineer.
 - (c) Die Ministeriële Raadgewende Komitee oor Gesondheidsorgvoordele vir Nasionale Gesondheidsversekering, wat 'n voorloper van die Raadgewende Komitee oor Voordele moet wees en wat die Minister van raad moet bedien 30
 - (i) oor 'n proses van prioriteitstelling om die besluitnemingsproses van die Fonds te rig om die voordele vas te stel wat gedek staan te word.
 - (d) Die Ministeriële Raadgewende Komitee oor Gesondheidstegnologie-assessering vir Nasionale Gesondheidsversekering, wat ingestel moet word om die Minister van raad te bedien oor gesondheidstegnologie-assessering en wat moet dien as 'n voorloper vir die Agentskap vir Gesondheidstegnologie-assessering wat die verskeidenheid gesondheidsintervensies en -tegnologie gereeld moet hersien met gebruik van die beste beskikbare getuienis oor koste-doeltreffendheid, toewysende, produktiewe en tegniese doeltreffendheid en Gesondheidstegnologie-assessering. 40
- (4) Oogmerke wat in Fase 1 bereik moet word, sluit in—
- (a) die migrasie van sentrale hospitale wat nasionaal befonds, beheer en bestuur word as semi-outonome entiteite;
 - (b) die strukturering van die Kontrakterende Eenheid vir Primêre Gesondheidsorg op distriksvlak in 'n koöperatiewe bestuursreëling met die distrikshospitaal gekoppel aan 'n aantal primêre gesondheidsorgfasiliteite; 45
 - (c) die instelling van die Fonds, met inbegrip van die instelling van beheerstrukture;
 - (d) die ontwikkeling van 'n Registrasiestelsel vir Gesondheidspasiënte in artikel 5 beoog; 50
 - (e) die proses vir die akkreditasie van gesondheidsorgdiensverskaffers, wat moet vereis dat gesondheidsinstellings deur die Kantoor vir Voldoening aan Gesondheidstandaarde geïnspekteer en gesertifiseer word, gesondheidsberoepslui deur hul onderskeie statutêre liggame gelisensieer word en gesondheidsorgdiensverskaffers aan maatstawwe vir akkreditasie voldoen; 55
 - (f) die aankoop van gesondheidsorgdiensvoordele, wat persoonlike primêre gesondheidsorgdienste, swangerskap- en kindergesondheidsdienste, met inbegrip van skoolgesondheidsdienste, gesondheidsdienste vir bejaardes, mense met gestremdhede en landelike gemeenskappe van gekontrakteerde openbare en private verskaffers, met inbegrip van algemene praktisyns, 60
 - (i) oudioloë, mondheelkundiges, oogkundiges, spraakterapeute en ander aangewese verskaffers op 'n primêre gesondheidsorgvlak wat fokus op siektevoorkoming, bevordering van gesondheid, verskaffing van primêre gesondheidsorgdienste en die aanspreek van kritieke agterstande;

- (g) the purchasing of hospital services and other clinical support services, which must be—
- (i) funded by the Fund;
 - (ii) an expansion of the personal health services purchased; and
 - (iii) from higher levels of care from public hospitals (central, tertiary, regional and district hospitals) including emergency medical services and pathology services provided by National Health Laboratory Services; and
- (h) the initiation of legislative reforms in order to enable the introduction of National Health Insurance, including changes to the—
- (i) Medicines and Related Substances Act, 1965 (Act No. 101 of 1965);
 - (ii) Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act No. 78 of 1973);
 - (iii) Health Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974);
 - (iv) Dental Technicians Act, 1979 (Act No. 19 of 1979);
 - (v) Allied Health Professions Act, 1982 (Act No. 63 of 1982);
 - (vi) Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998);
 - (vii) Mental Health Care Act, 2002 (Act No. 17 of 2002);
 - (viii) National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003);
 - (ix) Nursing Act, 2005 (Act No. 33 of 2005);
 - (x) Traditional Health Practitioners Act, 2007 (Act No. 22 of 2007); and
 - (xi) other relevant Acts.
- (5) Objectives that must be achieved in Phase 2 include the establishment and operationalisation of the Fund as a purchaser of health care services through a system of mandatory prepayment.

Repeal or amendment of laws

- 58.** (1) Subject to this section and section 57 dealing with transitional arrangements, the laws mentioned in the second column of the Schedule are hereby repealed or amended to the extent set out in the third column of the Schedule.
- (2) The repeal or amendment of any law by this Act does not affect—
- (a) the previous operation of such law or anything done or permitted under such law;
 - (b) any right, privilege, obligation or liability acquired, accrued or incurred under such law; or
 - (c) any penalty, forfeiture or punishment incurred in respect of any offence committed in terms of such law.

Short title and commencement

- 59.** (1) This Act is called the National Health Insurance Act, 2023, and takes effect on a date fixed by the President by proclamation in the Government *Gazette*.
- (2) Subject to section 57, different dates may be fixed in respect of the coming into effect of different provisions of this Act.

- (g) die aankoop van hospitaaldienste en ander kliniese ondersteuningsdienste, wat—
- (i) deur die Fonds gefinansier moet word;
 - (ii) 'n uitbreiding moet wees van die persoonlike gesondheidsdienste wat aangekoop is; en 5
 - (iii) van hoër vlakke van sorg van openbare hospitale (sentrale, tersiêre, streeks- en distrikshospitale) met inbegrip van mediese nooddienste en patologiesdienste wat deur die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste verskaf word; en
- (h) die inisiasie van wetgewende hervormings ten einde die bekendstelling van Nasionale Gesondheidsversekering moontlik te maak, met inbegrip van veranderinge aan die—
- (i) Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965);
 - (ii) Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet No. 78 van 1973);
 - (iii) Wet op Gesondheidsberoep, 1974 (Wet No. 56 van 1974); 15
 - (iv) Wet op Tandtegnici, 1979 (Wet No. 19 van 1979);
 - (v) Wet op Verwante Gesondheidsberoep, 1982 (Wet No. 63 van 1982);
 - (vi) Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998);
 - (vii) “Mental Health Care Act, 2002” (Wet No. 17 van 2002);
 - (viii) “National Health Act”, 2003 (Wet No. 61 van 2003); 20
 - (ix) “Nursing Act, 2005” (Wet No. 33 van 2005);
 - (x) Wet op Tradisionele Gesondheidspraktisyns, 2007 (Wet No. 22 van 2007); en
 - (xi) ander relevante Wette.
- (5) Oogmerke wat in Fase 2 bereik moet word, sluit die instelling en operasionalisering van die Fonds as 'n aankoper van gesondheidsorgdienste deur 'n stelsel van verpligte voorafbetaling in. 25

Herroeping of wysiging van wette

- 58.** (1) Behoudens hierdie artikel en artikel 57 wat oor oorgangsmaatreëls handel, word die wette in die tweede kolom van die Bylae vermeld, hierby herroep of gewysig tot die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit. 30
- (2) Die herroeping of wysiging van enige wet deur hierdie Wet raak nie—
- (a) die vorige werking van sodanige wet of enigiets kragtens sodanige wet gedoen of toegelaat nie;
 - (b) enige reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid kragtens sodanige wet verkry, toegeval of opgedoen; of 35
 - (c) enige boete, verbeuring of straf opgedoen ten opsigte van enige misdryf ingevolge sodanige wet gepleeg.

Kort titel en inwerkingtreding

- 59.** (1) Hierdie Wet heet die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel. 40
- (2) Behoudens artikel 57, kan verskillende datums vasgestel word ten opsigte van die inwerkingtreding van verskillende bepalings van hierdie Wet.

SCHEDULE
REPEAL AND AMENDMENT OF LEGISLATION AFFECTED
BY ACT

(Section 58)

No. and year of Act	Short Title	Extent of repeal or amendment
Act No. 101 of 1965	Medicines and Related Substances Act, 1965	<p>1. Section 22G is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:</p> <p>“(1) The Minister shall after <u>consultation with the National Health Insurance Fund established by section 9 of the National Health Insurance Act, 2023</u>, appoint, for a period not exceeding five years, such persons as he or she may deem fit to be members of a committee to be known as the pricing committee.”.</p>
Act No. 78 of 1973	Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973	<p>1. Section 36 is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:</p> <p>“(1) The cost of any medical examination under this Act, and the cost incurred to keep a person under observation in accordance with any provision of this Act, shall be <u>purchased and paid for by the National Health Insurance Fund established by section 9 of the National Health Insurance Act, 2023</u>[—</p> <p>(a) in the case of a person who works at a mine or works, or whom the owner of a mine or works intends to employ, be borne by the owner of the mine or works; and</p> <p>(b) in the case of any other person, be paid by the Director-General from moneys appropriated by Parliament for that purpose].”.</p> <p>2. The deletion of sections 36A and 36B.</p>
Act No. 56 of 1974	Health Professions Act, 1974	<p>1. Section 53 is hereby amended—</p> <p>(a) by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:</p> <p>“(1) Every person registered under this Act (in this section referred to as the practitioner) shall, unless the circumstances render it impossible for him or her to do so, before rendering any [professional] services <u>which are not covered by the National Health Insurance Fund established by section 9 of the National Health Insurance Act, 2023</u>, inform the person to whom</p>

BYLAE

HERROEPING EN WYSIGING VAN WETGEWING WAT DEUR WET
GERAAK SAL WORD

(Artikel 58)

No. en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
Wet No. 101 van 1965	Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965	<p>1. Artikel 22G word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Die Minister stel, na oorleg met die Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds ingestel deur die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, vir ’n tydperk van hoogstens vyf jaar die persone aan wat hy of sy goedvind om lede te wees van ’n komitee wat bekend staan as die pryskomitee.”.</p>
Wet No. 78 van 1973	Wet op Bedryfsiektes in Myne en Werke, 1973	<p>1. Artikel 36 word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(1) Die koste van ’n geneeskundige ondersoek ingevolge hierdie Wet, en die koste aangegaan ten einde ’n persoon ooreenkomstig ’n bepaling van hierdie Wet onder waarneming te hou, word aangekoop en voor betaal deur die Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds by artikel 9 van die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, ingestel[—</p> <p>(a) in die geval van ’n persoon wat by ’n myn of bedryf werk, of wat die eienaar van ’n myn of bedryf van voorneme is om in diens te neem, gedra deur die eienaar van die myn of bedryf; en</p> <p>(b) in die geval van enige ander persoon, deur die Direkteur-generaal betaal uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig.]”.</p> <p>2. Die skraping van artikels 36A en 36B.</p>
Wet No. 56 van 1974	Wet op Gesondheidsberoep, 1974	<p>1. Artikel 53 word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:</p> <p>“(1) Tensy die omstandighede dit vir hom of haar onmoontlik maak, moet elke ingevolge hierdie Wet geregistreerde persoon (in hierdie artikel die praktisyn genoem), voordat hy of sy [professionele] dienste lewer <u>wat nie deur die Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds ingestel by artikel 9 van die</u></p>

No. and year of Act	Short Title	Extent of repeal or amendment
		<p>the services are to be rendered or any person responsible for the maintenance of such person, of the fee which he or she intends to charge for such services—</p> <p>(a) when so requested by the person concerned; or</p> <p>(b) when such fee exceeds that usually charged for such services,</p> <p>and shall in a case to which paragraph (b) relates, also inform the person concerned of the usual fee.</p> <p>(2) Any practitioner who in respect of any [professional] services rendered by him or her which are not covered by the <u>National Health Insurance Fund established by section 9 of the National Health Insurance Act, 2023</u>, claims payment from any person (in this section referred to as the patient) shall, subject to the provisions of section 32 of the Medical Schemes Act, 1998 (Act No. 131 of 1998), furnish the patient with a detailed account within a reasonable period.”; and</p> <p>(b) by the substitution in subsection (3) for paragraph (a) of the following paragraph:</p> <p>“(a) The patient may, within three months after receipt of the account referred to in subsection (2), apply in writing to the professional board to determine the amount which in the opinion of the professional board should have been charged in respect of the services to which the account relates and which are not covered by the <u>National Health Insurance Fund established by section 9 of the National Health Insurance Act, 2023</u>, and the professional board shall, as soon as possible after receipt of the application, determine the said amount and</p>

No. en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		<p>Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, gedek word nie, die persoon aan wie die dienste gelewer gaan word of iemand wat vir die onderhoud van daardie persoon verantwoordelik is, verwittig van die gelde wat hy of sy voornemens is om vir daardie dienste te vorder—</p> <p>(a) wanneer daartoe deur die betrokke persoon versoek; of</p> <p>(b) wanneer daardie gelde meer is as die gelde wat gewoonlik vir daardie dienste gevorder word, en moet in 'n geval waar paragraaf (b) geld die betrokke persoon ook van die gewone gelde verwittig.</p> <p>(2) 'n Praktisyn wat ten opsigte van [professionele] dienste deur hom of haar gelewer, wat nie deur die Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds ingestel by artikel 9 van die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, gedek word nie, betaling van iemand (in hierdie artikel die pasiënt genoem) vorder, moet, behoudens die bepaling van artikel 32 van die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet 131 van 1998), binne 'n redelike tydperk aan die pasiënt 'n gespesifiseerde rekening verstrek.”; en</p> <p>(b) deur in subartikel (3) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(a) Die pasiënt kan, binne drie maande na ontvangs van die in subartikel (2) bedoelde rekening, skriftelik by die beroepsraad aansoek doen om die bedrag te bepaal wat volgens die beroepsraad se oordeel gevorder behoort te geword het ten opsigte van die dienste waarop die rekening betrekking het en wat nie deur die Nasionale Gesondheidsversekeringsfonds ingestel by artikel 9 van die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, gedek word nie, en die beroepsraad moet bedoelde bedrag so gou doenlik na ontvangs van die aansoek bepaal en die pasiënt</p>

No. and year of Act	Short Title	Extent of repeal or amendment
		<p>notify the practitioner and the patient in writing of the amount so determined: Provided that before the professional board determines the said amount, it shall afford the practitioner concerned an opportunity to submit to it in writing his or her case in support of the amount charged.”.</p>
Act No. 63 of 1982	Allied Health Professions Act, 1982	<p>1. Section 38A is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words: “Every practitioner shall, unless the circumstances render it impossible for him or her to do so, and before rendering any professional services, inform the person to whom the services are to be rendered or any person responsible for the maintenance of such person, of the fee which he or she intends to charge for such services that are not covered by the <u>National Health Insurance Act, 2023</u>—”.</p>
Act No. 130 of 1993	Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993	<p>1. Section 1 is hereby amended by the deletion of the definition of “medical aid”.</p> <p>2. Section 16 is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph: “(a) the payment of compensation, [the cost of medical aid] or other pecuniary benefits to or on behalf of or in respect of employees in terms of this Act where no other person is liable for such payment;”.</p> <p>3. Section 42 is hereby amended— (a) by the deletion of subsection (2); and (b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection: “(4) An employee shall be entitled [at his own expense] to have a medical practitioner or chiropractor of his choice present at an examination by a designated medical practitioner.”.</p> <p>4. The repeal of sections 73 and 75.</p>

No. en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		<p>en die praktisyn skriftelik van die aldus bepaalde bedrag in kennis stel: Met dien verstande dat alvorens die beroepsraad die bedrag bepaal, hy of sy die praktisyn 'n geleentheid moet bied om sy of haar saak ter steuning van die gevorderde bedrag skriftelik aan hom of haar voor te lê.”.</p>
Wet No. 63 van 1982	Wet op Verwante Gesondheidsberoep, 1982	<p>1. Die wysiging van artikel 38A deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:</p> <p>“Tensy die omstandighede dit vir hom <u>of haar</u> onmoontlik maak, moet elke praktisyn, voordat hy <u>of sy</u> professionele dienste lewer, die persoon aan wie die dienste gelewer gaan word of iemand wat vir die onderhoud van daardie persoon verantwoordelik is, verwittig van die gelde wat hy <u>of sy</u> voornemens is om vir daardie dienste te vorder <u>wat nie deur die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, gedek word nie—</u>”.</p>
Wet No. 130 van 1993	Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993	<p>1. Artikel 1 word hierby gewysig deur die omskrywing van “geneeskundige hulp” te skrap.</p> <p>2. Artikel 16 word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>“(a) die betaling van vergoeding, [die koste van geneeskundige hulp] of ander geldelike voordele aan of ten behoeve van of ten opsigte van werknemers ingevolge hierdie Wet waar geen ander persoon vir daardie betaling aanspreeklik is nie;”.</p> <p>3. Artikel 42 word hierby gewysig— (a) deur subartikel (2) te skrap; en (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(4) 'n Werknemer is geregtig om [op eie koste] 'n geneesheer of chiropraktisyn van sy keuse by 'n ondersoek deur 'n aangewese geneesheer teenwoordig te hê.”.</p> <p>4. Artikels 73 en 75 word herroep.</p>

No. and year of Act	Short Title	Extent of repeal or amendment
Act No. 56 of 1996	Road Accident Fund Act, 1996	<p>1. Section 17 is hereby amended—</p> <p>(a) by the substitution for subsection (4B) of the following subsection:</p> <p>“(4B) (a) The liability of the Fund or an agent regarding any tariff contemplated in subsections (4)(a), (5) and (6) shall be based on [the tariffs] the reimbursement strategy for health care services [provided by public health establishments] contemplated in the [National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003), and shall be prescribed after] <u>National Health Insurance Act, 2023</u>, in consultation with the Minister of Health.</p> <p>(b) The tariff for emergency medical treatment provided by a health care provider [contemplated in the National Health Act, 2003—</p> <p>(i) shall be negotiated between the Fund and such health care providers; and</p> <p>(ii) shall be reasonable taking into account factors such as the cost of such treatment and the ability of the Fund to pay.</p> <p>(c) In the absence of a tariff for emergency medical treatment the tariffs contemplated in paragraph (a) shall apply] shall be determined, under the <u>National Health Insurance Act, 2023</u>.”;</p> <p>and</p> <p>(b) by the deletion of subsections (5) and (6).</p>
Act No. 89 of 1998	Competition Act, 1998	<p>1. Section 3 is hereby amended—</p> <p>(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph:</p> <p>“(b) a collective agreement, as defined in section 213 of the Labour Relations Act, 1995; [and]”;</p> <p>and</p> <p>(b) by the insertion in subsection (1) after paragraph (b) of the following paragraph:</p> <p>“(bA) <u>the operations of the National Health Insurance Fund established by section 9 of the National Health Insurance Act, 2023, as single public purchaser and single payer of health care services; and</u>”.</p>

No. en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
Wet No. 56 van 1996	Padongelukfondswet, 1996	<p>1. Artikel 17 word hierby gewysig—</p> <p>(a) deur subartikel (4B) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>“(4B) (a) Die aanspreeklikheid van die Fonds of ’n agent betreffende ’n tarief beoog in subartikels (4)(a), (5) en (6) word gebaseer op die [tariewe] terugbetalingstrategie vir gesondheidsorgdienste [verskaf deur openbare gesondheidsinrigtings] beoog in die [“National Health Act, 2003” (Wet 61 van 2003), en word voorgeskryf na] Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023, in oorlegpleging met die Minister van Gesondheid.</p> <p>(b) Die tarief vir nood- mediese behandeling verskaf deur ’n gesondheidsorgverskaffer [beoog in die “National Health Act, 2003” (Wet 61 van 2003)—</p> <p>(i) moet onderhandel word tussen die Fonds en sodanige gesondheidsorgverskaffers; en</p> <p>(ii) moet redelik wees met inagneming van faktore soos die koste van sodanige behandeling en die vermoë van die Fonds om te betaal.</p> <p>(c) By gebrek aan ’n tarief vir nood- mediese behandeling is die tariewe beoog in paragraaf (a) van toepassing].</p> <p>word vasgestel kragtens die Wet op Nasionale Gesondheidsversekering, 2023.”; en</p> <p>(b) deur subartikels (5) en (6) te skrap.</p>
